A1

INHOUDSOPGAWE

1.Lys van afkortings
2.Verslag: Ontwerpspan

1. Personeel 4
2. Praktiese reëlings 4
2.1 Geloofsbriewe..... 4
2.2 Aankoms, registrasie en verversings.. 4
2.3 Bring saam..... 4
2.4 Verblyf..... 4
2.5 Parkering..... 5
2.6 Etes..... 5
2.7 Daggelde..... 5
2.8 Reiskoste..... 5
2.9 Tafelleiers..... 5
2.10 Sittingstye..... 5
2.11 Tydelike kommissies..... 6
2.11.1 Begeleidingspan..... 6
2.11.2 Liturgiese span..... 6
2.11.3 Tydelike Notulekommissie..... 6
2.11.4 Tydelike Kommissie vir laat registrasie, verlof en aankondiginge . 6
2.11.5 Steunspan..... 7
2.11.6 Tegniese Span..... 7
3. Doelwitte vir die vergadering 7
4. Rasionalisasie in die NG Kerk van Natal 7
4.1 Aanloop tot 1999..... 7
4.2 Sinode van 1999..... 8
4.3 Verloop sedert 1999..... 9
4.4 Afloop..... 9
5. Besluitnemingsprosesse 10
5.1 Verduidelik gespreks- en besluitnemingsproses..... 10
5.2 Die rolle van voorsitter en fasiliteerder..... 10
5.3 Besluitnemingsproses 10
5.4 Stemprosedure..... 10
6. Die konteks van die bediening 11
6.1 Inleiding..... 11
6.2 Demografies 11
6.3 Ekonomies..... 12
6.4 Sosiopolities..... 12
6.5 Waardes en waardegroepe..... 13
6.6 Die NG Kerk se staanplek in KZN..... 14
6.7 Slotopmerking..... 14
7. Die strukturele en finansiële werklikhede..... 14
7.1 Missie 14
7.2 Huidige werksaamhede en struktuur... 15
7.2.1 Organogram..... 15
7.2.2 Missie en doelstellings..... 15
7.2.3 Sterkpunte van huidige strukture 15
7.2.4 Knelpunte van huidige strukture 15
7.3 Personeel - posbeskrywings..... 15
7.3.1 Algemeen..... 15
7.3.2 Saakgelastigde en PSD vir Moderamen, SKA, SRK en SKKM..... 15
7.3.3 Dir:MD en PSD vir SKDB, SSK en SKDV..... 16
7.3.4 PSD vir SJK, SKG en SKLAS..... 16
7.3.5 Senior Admin Beampte (Admin Afd) 17
7.3.6 Admin Beampte (Ontvangs, Moderamen, SKA, SRK en SKKM)..... 17
7.3.7 Admin Beampte (SJK, SKG en SKLAS)..... 17
7.3.8 Rekenpligtige Amptenaar..... 18
7.3.9 Admin Beampte 1 (finansies).... 18
7.3.10 Admin Beampte 2 (finansies)... 18
7.3.11 Admin Beampte (personeelklerk) 18
7.3.12 Senior Admin Beampte vir SKDB, SSK en SKDV..... 18
7.3.13 Argiefbeampte..... 19
7.3.14 Senior Alg Asst (Admin)..... 19
7.3.15 Alg Asst (Admin)..... 19
7.3.16 Bestuurder (Kampterrein)..... 19
7.3.17 Faktotum (Kampterrein)..... 20
7.3.18 Senior Alg Asst (Kampterrein). 20
7.3.19 Alg Asst 1 (Kampterrein)..... 20
7.3.20 Alg Asst 2 (Kampterrein)..... 20
7.3.21 Alg Asst 3 (Kampterrein)..... 20
7.4 Finansiële posisie van Sinode 20
7.4.1 Bates..... 20
7.4.1.1 Eiendomme..... 20
7.4.1.2 Beleggings..... 21
7.4.2 Inkomste..... 22
7.4.3 Uitgawes..... 22
8. Voorlopige Moontlikhede vir die Toekoms 23

A2

8.1 Inleiding..... 23
8.2 Moontlikheid 1..... 23
8.2.1 Missie..... 23
8.2.2 Beskrywing..... 23
8.2.3 Drywers..... 24
8.2.4 Werksaamhede..... 24
8.2.5 Kosteberekeninge..... 24
8.2.6 Evaluering..... 24
8.3 Moontlikheid 2 24
8.3.1 Missie..... 24
8.3.2 Beskrywing..... 24
8.3.3 Drywers..... 25
8.3.4 Werksaamhede..... 25
8.3.5Kosteberekeninge..... 26
8.3.6 Evaluering..... 26
8.4 Moontlikheid 3..... 26
8.4.1 Missie..... 26
8.4.2 Beskrywing..... 26
8.4.3 Drywers..... 26
8.4.4 Werksaamhede..... 26
8.4.5 Kosteberekeninge..... 28
8.4.6 Evaluering..... 28
8.5 Moontlikheid 4..... 28
8.5.1 Missie..... 28
8.5.2 Beskrywing..... 28
8.5.3 Drywers..... 28
8.5.4 Werksaamhede..... 28
8.5.5 Kosteberekeninge..... 30
8.5.6 Evaluering..... 30
9. Toekomstige Gespreks- en Besluitnemingsprosesse 30
9.1 Algemene uitgangspunte..... 30
9.2 Integrasie: verskillende vergaderstyle..... 30
9.3 Logistiek..... 32
9.4 Kerkordelike implikasies..... 33
10. Ten slotte 33
Bylae by punt 7.2.1: Organogram 34

A3

AFKORTINGS

AJK	Algemene Jeugkommissie
AKDB	Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid
AKE	Algemene Kommissie vir die Erediens
AKF	Algemene Kommissie vir Fondse
AKG	Algemene Kommissie vir Gemeentebediening
AKKM	Algemene Kommissie vir Kerklike Media
AKLAS	Algemene Kommissie vir Leer en Aktuele Sake
AKPB	Algemene Kommissie vir Predikantebediening
AKTO	Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding
AKV	Algemene Kommissie vir die Vrouediens
Alg	Algemene
ARK	Algemene Regskommissie
ASK	Algemene Sinodale Kommissie
ASSK	Algemene Sendingkommissie
Asst	Assistent
Bep	Bepaling (van Natalse Sinode)
BUVTON	Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding (US)
CLF	Christelike Lektuurfonds
CMC	Combined Mission Commission
CNW	Christen Netwerk
DRC	Durban Reformed Congregation
GBF	Gemeentebystandsfonds
GEM	Geestelik Eeufees Monument (verwys na die Sending in Noordelike deel van Natal)
GKEF	Gesamentlike Kommissie vir Evangelisasie in Frankryk
GROK	Gesamentlike Ringsondersteunings-kommissie van die Durban ringe
GSSK	Gesamentlike Sinodale Sendingkommissie
ISWEN	Instituut vir Sending Wetenskaplike Navorsing
KO	Kerkorde (Algemene Sinode)
KPB	Kommissie vir Predikantebediening
KSE	Kommissie vir Sinodale Eiendomme
KZN	KwaZulu-Natal
KZNCC	KwaZulu-Natal Council of Churches
KZNCLG	KwaZulu-Natal Church Leaders Group
NG Kerk	Nederduitse Gereformeerde Kerk
NGKA	Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika
NGK:MD	NG Kerk: Maatskaplike Dienste
NGTT	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif
NH Kerk	Nederduitse Hervormde Kerk
PSD	Predikant in Sinodale Diens
PSK	Plaaslike Sendingkommissie
PWP	Predikante en Weduwee Pensioenfonds
RFK	Ringsfinansiëlekommissie
RJK	Ringsjeugkommissie
RKG	Ringskommissie vir Gemeentebediening
RKLAS	Ringskommissie vir Leer en Aktuele Sake
RSK	Ringsendingkommissie
SARK	Suid-Afrikaanse Raad van Kerke
SEVTO	Sentrum vir Voortgesette Teologiese Onderrig (UP)
SJB	Sentrum vir Jeugbediening (Hugenote Kollege)
SJK	Sinodale Jeugkommissie
SKA	Sinodale Kommissie vir Administrasie
SKDB	Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid
SKDV	Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge
SKG	Sinodale Kommissie vir Gemeentebediening
SKKM	Sinodale Kommissie vir Kerklike Media
SKLAS	Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake
SKV	Sinodale Kommissie vir die Vrouediens

A4

SRK	Sinodale Regskommissie
SSK	Sinodale Sendingkommissie
Subs	Subsidie
TEASA	The Theological Alliance of South Africa
TKLAS	Tydelike Kommissie vir Leer en Aktuele Sake
TOIBO	Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys
UOVS	Universiteit van die Oranje Vrystaat
UP	Universiteit van Pretoria
US	Universiteit van Stellenbosch
URCSA	(KZN) Uniting Reformed Church in Southern Afrika (Regional Synod KwaZulu-Natal)
VGKSA	Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
VGKSA	(KZN) Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (streeksinode KwaZulu-Natal)
VTO	Voortgesette Teologiese Opleiding/Onderrig

A5

VERSLAG VAN ONTWERPSPAN VIR DIE SPESIALE SINODE VAN 2001

1. PERSONEEL

1.1 Die Moderamen Dagbestuur, wat opdrag gekry het om die Sinode te reël, het besluit om 'n Ontwerpspan vir die reël van die Sinode saam te stel wat saam met die fasiliteerder (Dr A Smit) die hele sinodesitting beplan en bestuur het. Hierdie verslag is deur die Ontwerpspan opgestel. Die span bestaan uit die volgende lede:

1.1.1 Ds LW Meyer (voorsitter)
1.1.2 Ds PJ Raath (skriba)
1.1.3 Ds FJ van der Merwe
1.1.4 Ds FJ Klopper
1.1.5 Dr H Theunissen
1.1.6 Ds GJ van Jaarsveld
1.1.7 Ds AJ Verhoef
1.1.8 Ds HJ van den Heever
1.1.9 Ds BJ van Dyk
1.1.10 Dr RB van Aarde
1.1.11 Ds PF de Jager
1.1.12 Dr A Smit (fasiliteerder).

2. PRAKTIESE REËLINGS

2.1 Geloofsbriewe

2.1.1 Die Geloofsbriewe van die 1999 Sinode dien as geloofsbriewe vir die Spesiale Sinode. Waar 'n gemeente se afvaardiging egter verander, moet 'n nuwe geloofsbrief (oorspronklike dokument) die skriba bereik voor 1 Oktober 2001. Die adres is Die Skriba, Posbus 649, Pietermaritzburg, 3200. Alternatiewelik kan die geloofsbrief per hand by die Sinodale Kantoor afgelewer word.

2.2 Aankoms, registrasie en verversings

2.2.1 Maandag 15 Oktober 2001 vanaf 09:00 tot 09:45.

2.2.2 LW: Alle afgevaardigdes moet voor die aanvang (vóór 09:45) van die Sinode aanmeld by die onderskeie ringsvoorsitters/skribas vir registrasie met die oog op 'n vinnige konstitueringsproses.

2.2.3 Arriveer asseblief betyds sodat die registrasie afgehandel kan word en die sinodevergadering stiptelik om 10:00 kan begin. Persone wat na 09:45 aankom, sal nie van die begin af stemreg hê nie en moet by die Tydelike Kommissie vir Laat Registrasie, Verlof en Aankondigings aanmeld.

2.3 Bring saam

2.3.1 Bybel.
2.3.2 Agenda.
2.3.3 Persoonlike benodigdhede indien u oorslaap.
2.3.4 Entoesiasme en toewyding.

2.4 Verblyf

2.4.1 Verblyf word deur die Sinodale Kantoor by die koshuis van SACOL (SA College for Open Learning) gereël.

2.4.2 As u wil oorslaap moet u skriftelik by die Sinodale Kantoor bespreek voor 13:00 op Maandag 1 Oktober 2001. U kan die bespreking ook faks (033-3452295) of per e-pos stuur (ontvangs@ngknatal.org.za). Die besprekingsvorm is op die laaste bladsy van hierdie agenda aangeheg.

A6

2.4.3 Die verblyf is in enkelkamers. Badkamers word gedeel. Ontbyt word voorsien.

2.4.4 As u u eie verblyf wil reël, is u welkom om dit te doen. U kan egter slegs 'n maksimum van R50 per nag vir verblyf eis.

2.4.5 U kan vir die verblyf na afsluiting van die eerste sittingsdag op Maandag 15 Oktober inboek. U moet die kamer weer na ontbyt op Woensdag 17 Oktober ontruim. Persone wat reeds Sondag moet oorslaap, kan Sondagaand inboek.

2.5 Parkering

2.5.1 Parkering is by die Sinodale Sentrum beskikbaar. Parkeer asseblief op die plek wat aangewys word.

2.5.2 By die koshuis is ook voldoende parkering beskikbaar.

2.6 Etes

2.6.1 Middag- en aandetes word by die Sinodale Sentrum voorsien.

2.6.2 Indien u enige spesiale dieetbehoeftes het, moet u die Saakgelastigde asseblief voor 1 Oktober daarvan in kennis stel.

2.7 Daggelde

2.7.1 Geen daggelde word betaal nie aangesien alle etes en verblyf direk betaal word.

2.8 Reiskoste

2.8.1 Eisvorms sal in die lêers voorsien word. Daar kan teen 85c per km geëis word plus 20c per persoon wat saamgery het plus werklike tolgeld betaal. Kerkraadslede word versoek om saam met hulle leraar te reis. Reël asseblief onderling om sover moontlik saam te ry.

2.8.2 Persone wat die twee nagte by die huis gaan slaap, kan 'n maksimum van R104 per persoon wat saamry eis vir die twee ekstra ritte heen en weer (Rede: verblyf in die koshuis kos slegs R52 per nag).

2.9 Tafelleiers

2.9.1 Tafelleiers moet Maandag om 08:00 vir voorligting in kamer 201 aanmeld.

2.9.2 Aanbeveling: Die Sinode keur goed dat die volgende persone as tafelleiers optree:

2.9.2.1 Tafel 1 - Ds L van der Walt
2.9.2.2 Tafel 2 - Ds FJ Janse van Rensburg
2.9.2.3 Tafel 3 - Ds F Steenkamp
2.9.2.4 Tafel 4 - Ds SW Scott
2.9.2.5 Tafel 5 - Ds DV le Roux
2.9.2.6 Tafel 6 - Ds ZRA Strydom
2.9.2.7 Tafel 7 - Ds ML Human
2.9.2.8 Tafel 8 - Ds RF Erasmus
2.9.2.9 Tafel 9 - Ds TIJ de Wet
2.9.2.10 Tafel 10 - Ds GM de Lange
2.9.2.11 Tafel 11 - Ds DJ Venter
2.9.2.12 Tafel 12 - Ds F van Niekerk
2.9.2.13 Tafel 13 - Ds WJC van Beek
2.9.2.14 Tafel 14 - Ds J Vosloo
2.9.2.15 Tafel 15 - Ds DSM Schoeman
2.9.2.16 Tafel 16 - Ds FPJ Brits
2.9.2.17 Tafel 17 - Ds CJ van der Westhuizen
2.9.2.18 Tafel 18 - Ds FW Neser
2.9.2.19 Tafel 19 - Ds MC Smit
2.9.2.20 Tafel 20 - Ds CR Scheepers
2.9.2.21 Tafel 21 - Ds GP Kemp
2.9.2.22 Tafel 22 - Ds JvN Genis
2.9.2.23 Tafel 23 - HL van Schalkwyk

A7

2.9.2.24 Tafel 24 - JH Wildenboer.

2.10 Sittingstye

2.10.1 Die Sinode keur die volgende sittingstye goed:

Maandag 15 Oktober 2001

2.10.1.1 08:00 - Voorligting aan tafelleiers in Konferensiekamer (Tweede vloer - 201)
2.10.1.2 09:00 - Verversings beskikbaar tot 09:50
2.10.1.3 09:00 - Registrasie deur Ringsvoorsitters / skribas
2.10.1.4 09:00 - SRK vergader in Komiteekamer (G3)
2.10.1.5 09:45 - Registrasie eindig. Persone wat later aankom kan aanvanklik nie stem nie.
2.10.1.6 10:00 - Verwelkoming
2.10.1.7 10:05 - Konstituering
2.10.1.8 10:15 - Opening en toewyding
2.10.1.9 11:00 - Verslag van Ontwerpspan
2.10.1.10 13:00 - Middagete, registrasie vir persone wat nog nie geregistreer het nie en vergadering van Ontwerpspan.
2.10.1.11 14:00 - Toewyding
2.10.1.12 14:30 - Verslag van Ontwerpspan (vervolg)
2.10.1.13 16:00 - Tee/koffie
2.10.1.14 16:30 - Verslag van Ontwerpspan (vervolg)
2.10.1.15 18:00 - Aandete
2.10.1.16 19:00 - Toewyding
2.10.1.17 19:30 - Verslag van Ontwerpspan (vervolg)
2.10.1.18 20:00 - Sinode verdaag
2.10.1.19 20:00 - Tydelike Kommissies vergader

Dinsdag 16 Oktober 2001

2.10.1.20 08:00 - Registrasietafel vir nuwe sinodegangers
2.10.1.21 08:30 - Sinodesitting begin met terugvoer en evaluering oor vorige dag
2.10.1.22 08:40 - Toewyding
2.10.1.23 09:30 - Verslag van Ontwerpspan (vervolg)
2.10.1.24 11:00 - Verversings
2.10.1.25 11:30 - Verslag van Ontwerpspan (vervolg)
2.10.1.26 13:00 - Middagete en Ontwerpspan vergader
2.10.1.27 14:00 - toewyding
2.10.1.28 14:30 - Verslag van Ontwerpspan (vervolg)
2.10.1.29 16:00 - Tee/koffie
2.10.1.30 16:30 - Verslag van Ontwerpspan (vervolg)
2.10.1.31 18:00 - Aandete
2.10.1.32 19:00 - Toewyding
2.10.1.33 19:30 - Dagsluiting en evaluering
2.10.1.34 20:00 - Tydelike kommissies vergader

Woensdag 17 Oktober 2001

2.10.1.35 08:00 - Registrasietafel vir nuwe sinodegangers
2.10.1.36 08:30 - Presensie en terugvoering
2.10.1.37 08:40 - Toewyding
2.10.1.38 09:30 - Verslag van Tydelike Fasiliteringspan met aanbevelings vir goedkeuring
2.10.1.39 11:00 - Tee/koffie
2.10.1.40 11:30 - Goedkeuring van notule
2.10.1.41 11:45 - Toewyding en Afsluiting

A8

2.10.1.42 12:45 - Middagete.

2.11 Tydelike kommissies

2.11.1 Begeleidingspan

2.11.1.1 Die Begeleidingspan moet reeds op Sondag 14 Oktober om 18:00 aanmeld om alles vir die vergadering gereed te maak.

2.11.1.2 **Aanbeveling: Die Sinode keur die volgende Begeleidingspan, wat die prosesse tydens die sinodesitting begelei, goed:**

2.11.1.2.1 Ds LW Meyer (voorsitter)
2.11.1.2.2 Ds PJ Raath (skriba)
2.11.1.2.3 Ds FJ van der Merwe
2.11.1.2.4 Ds FJ Klopper
2.11.1.2.5 Dr H Theunissen
2.11.1.2.6 Ds GJ van Jaarsveld
2.11.1.2.7 Ds AJ Verhoef
2.11.1.2.8 Ds HJ van den Heever
2.11.1.2.9 Ds BJ van Dyk
2.11.1.2.10 Dr RB van Aarde
2.11.1.2.11 Ds PF de Jager

2.11.2 Liturgiese span

2.11.2.1 **Die Sinode keur goed dat 'n liturgiese span onder leiding van ds GJ van Jaarsveld die liturgiese elemente tydens die sinodesitting hanteer.**

2.11.3 Tydelike Notulekommissie

2.11.3.1 Die Tydelike Notulekommissie meld op Maandag 15 Oktober om 08:00 vir opleiding en voorbereiding aan.

2.11.3.2 **Aanbeveling: Die Sinode keur die volgende Tydelike Notulekommissie goed:**

2.11.3.2.1 Ds PJ Meyer (sameroeper)
2.11.3.2.2 Ds DN Ras
2.11.3.2.3 Ds FJ Herselmann
2.11.3.2.4 Ds PA Swanepoel
2.11.3.2.5 Ds AJ Verhoef
2.11.3.2.6 Ds JC Groenewald
2.11.3.2.7 Ds JH Els
2.11.3.2.8 Ds PJ Raath
2.11.3.2.9 Ds BJ van Dyk (adviserend).

2.11.4 Tydelike Kommissie vir laat registrasie, verlof en aankondiginge

2.11.4.1 Hierdie kommissie moet vanaf Maandag om 09:45 beskikbaar wees om laat aankomelinge te registreer en verslag te doen aan die Sinode. Alle verlofaansoeke en aankondigings word by hierdie kommissie op skrif ingedien. Die kommissie moet ook op Dinsdag en Woensdag om 08:00 beskikbaar wees om nuwe sinodegangers te registreer. Die kommissie lewer hulle verslag gereeld skriftelik by die skriba in sodat hy dit in die notule kan opneem.

2.11.4.2 **Aanbeveling: Die Sinode keur die volgende Tydelike Kommissie vir laat registrasie, verlof en aankondiginge goed:**

2.11.4.2.1 Ds CJ Jordaan (sameroeper)
2.11.4.2.2 Ds RHJ Venter
2.11.4.2.3 Ds RF Geyser
2.11.4.2.4 Ds IS Theron.

2.11.5 Steunspan

2.11.5.1 **Aanbeveling: Die Sinode keur goed dat 'n steunspan onder leiding van ds PF de Jager die nodige**

ondersteuningsdienste tydens die sinodesitting verskaf.

2.11.6 Tegniese Span

2.11.6.1 Aanbeveling: Die Sinode keur goed dat 'n tegniese span onder leiding van ds JP Rheeder tegniese dienste tydens die sinodesitting verskaf.

3. DOELWITTE VIR DIE VERGADERING

3.1 Die sinodesitting van 15-17 Oktober 2001 is nie 'n gewone sinodesitting waar ons op die gewone manier aan die sake wat tradisioneel op die sakelys is gaan aandag gee nie. Dit is 'n spesiale sinode wat belê is as deel van ons voortgaande proses van rasionalisasie.

3.2 Tydens die vergadering gaan ons van verskeie metodes gebruik maak, bv kleingroepdiskussie, debatvoering ens. Die doel daarmee is om almal te betrek en uiteindelik te kom by die beste werkswyse vir die Sinode van Natal.

3.3 Daarom is die doel van die Sinode om:

3.3.1 Aan die proses van rasionalisasie rigting te gee met verwysing na strukture en finansies;

3.3.2 Die NG Kerk van Natal te help om die konteks van sy bediening te verreken; en

3.3.3 Die proses van verandering te begelei.

4. RASIONALISASIE IN DIE NG KERK VAN NATAL

4.1 Aanloop tot 1999

4.1.1 Die strategiese beplanning en rasionalisasie binne die NG Kerk van Natal het nie gister begin nie. Reeds voor 1993 is daar op verskillende wyses daaraan aandag gegee.

4.1.2 Maar op 15 en 16 Maart 1993 het daar tog nuwe momentum gekom deur 'n strategiese beraad wat vir die sinodale gebied aangebied is olv dr WJ Botha van die NG Kerk van die OVS.

4.1.3 Die doel van daardie beraad was om beplanning te doen tov die funksionering van die sinodale werksaamhede van die Natalse kerk met die oog op die formulering van 'n gemeenskaplike strategie.

4.1.4 Vir dié doel is 'n missie en doelwitsisteem vir die Natalse Sinode en sinodale kommissies herformuleer.

4.1.5 In die lig hiervan het elke sinodale kommissie sy eie missie, doelstellings, deurlopende doelwitte, samestelling en werkswyse indringend onder die loep geneem en herskryf.

4.1.6 Na heelwat werk is daar gevoel om vir 1995 se moderamenvergadering 'n konsultant uit die Kaap te kry om die Sinode te begelei in sy poging tot verdere rasionalisering en strategiese beplanning. Op die ou end is daarvan afgesien weens die koste daaraan verbonde.

A10

4.1.7 Op 9 Augustus 1995 is daar toe ‘n konferensie belê met al die lede van die onderskeie sinodale kommissies en die PSD’s en ‘n memorandum is opgestel met die oog op die Sinode van 1995.

4.1.8 Tydens die Sinode van 1995 is die volgende besluite geneem (p311, pt17.2):

4.1.8.1 Die Sinode dra dit aan die Moderamen op om as rasionalisasiekommissie op te tree.

4.1.8.2 Die Sinode versoek sy verskillende kommissies om hulle strategiese beplanning en rasionalisasie met die oog op bekostigbaarheid gereeld te hersien en aan die rasionalisasiekommissie verslag te doen oor die vordering wat met die implementering daarvan gemaak word.

4.1.8.3 Die Sinode versoek ringe om in die lig van die missies en doelstellings van die sinodale kommissies die strategiese proses en rasionalisasie ook op ringsvlak deur te voer en daarin aan gemeentes leiding te gee.

4.1.9 Heelwat werk is nav die besluite ingesit en tydens die Sinode van 1999 is ‘n spesiale konferensie oor rasionalisasie gehou.

4.2 Sinode van 1999

4.2.1 Tydens die Sinode van 1999 is die volgende besluit ten opsigte van rasionalisasie geneem (p89 van die notule):

4.2.1.1 Die Sinode besluit om ‘n spesiale sinode byeen te roep in 2001, met die oog op rasionalisasie.

4.2.1.2 Die Sinode versoek die permanente Kommissie vir Rasionalisasie om al die sake wat deur die konferensie na die kommissie verwys is, te verwerk en die resultaat aan die ringe deur te stuur.

4.2.1.3 Die Sinode versoek die ringe om die konferensie-resultate in die ringe te behandel en hulle reaksie en voorstelle deur te stuur aan die Kommissie vir Rasionalisasie.

4.2.1.4 Die Sinode versoek die Kommissie vir Rasionalisasie om die ringe se reaksie te verwerk en voorstelle voor te lê aan die spesiale sinodesitting van 2001.

4.2.1.5 *Die Sinode versoek die Kommissie vir Rasionalisasie om die funksies van die PSD’s ten opsigte van die Sinode se kommissies te herevalueer en in samewerking met die kommissies, SKDV en die PSD’s nuwe werkswyses te implementeer.*

4.2.2 Aan punt 4.2.1.5 word voortdurend aandag gegee en die PSD’s se werksverdeling sien tans soos volg daaruit:

4.2.2.1 Saakgelastigde:

4.2.2.1.1 Ter wille van die koördinasie dien die Saakgelastigde adviserend op alle sinodale kommissies en hulle dagbesture. Hy kan ook waar nodig by die werksaamhede van subkommissies of ad hoc kommissies betrek word.

4.2.2.1.2 Waar kommissies nie oor die dienste van ‘n ander PSD beskik nie, tree die Saakgelastigde op as uitvoerende amptenaar van die betrokke kommissie.

A11

4.2.2.1.3 Agendas en notules van kommissies wat nie oor die dienste van ‘n ander PSD beskik nie, word deur die Saakgelastigde se kantoor voorberei en uitgestuur.

4.2.2.1.4 Kommissies maak van die Saakgelastigde se dienste gebruik waar nodig en soos besluit. Indien daar ‘n botsing van belange kom, besluit die Moderamen as toesighoudende kommissie finaal oor sy opdragte.

4.2.2.1.5 Die fokusareas van die Saakgelastigde is:

4.2.2.1.5.1 Administrasie, wat oa die volgende insluit: kantoor, finansies, eiendomme en personeel.

4.2.2.1.5.2 Koördinering: dien adviserend op alle sinodale kommissies.

4.2.2.1.5.3 Uitvoerende amptenaar van SKA, Moderamen, SRK en SKKM.

4.2.2.1.5.4 Fasilitering.

4.2.2.2 Dir:MD en PSD Sending:

4.2.2.2.1 Hy tree op as direkteur van Maatskaplike Dienste.

4.2.2.2.2 Hy tree op as uitvoerende amptenaar van die SKDB, SSK en SKDV.

4.2.2.3 PSD Jeug:

4.2.2.3.1 Hy tree op as uitvoerende amptenaar van die SJK, SKG en SKLAS.

4.3 Verloop sedert 1999

4.3.1 Die Dagbestuur van die Moderamen het die resultate van die konferensie oor rasionalisasie, wat tydens die Sinode van 1999 gehou is, in gespreksvrae en stellings verwerk en gesirkuleer vir kommentaar. Die SKG is versoek om in hierdie proses mee te doen met die resultate wat na hulle verwys is.

4.3.2 Nadat kommentaar ingewin is, is ‘n werksdokument deur die Moderamen gefinaliseer vir deursending aan ringe en gemeentes met die versoek dat hulle spoedig moes reageer.

4.3.3 Hierna het die Dagbestuur van die Moderamen die onderskeie ringe, wat in vier groepe ingedeel is, besoek en die genoemde werksdokument met hulle behandel.

4.3.4 Die Dagbestuur van die Moderamen, olv die voorsitter, het opgetree as fasiliteerders by die verskillende byeenkomste.

4.3.5 Die reaksies van ringe, gemeentes en lidmate wat na hierdie proses verkry is, is verwerk en ‘n verslag gefinaliseer wat aan alle leraars en afgevaardigde kerkraadslede van die Sinode van 1999 gestuur is met die oog op hulle reaksie.

4.3.6 Geen reaksie is ontvang nie en die hoeveelheid materiaal en die omvang daarvan het die Moderamen laat besluit om ‘n fasiliteerder van buite te gebruik om die Sinode van 2001 te begelei in sy rasionalisasiegesprek.

4.3.7 Ondertussen is gegewens oor die strukture en die funksionering van die volgende sinodes aangevra: Wes- en Suid-Kaap, Oos-Kaap, Noord-Kaap, Oranje Vrystaat, Wes-Transvaal, Noord-Transvaal, Oos-Transvaal en Suid-Transvaal.

A12

4.3.8 'n Gesamentlike vergadering van al die sinodale gebiede wat gehou is oor herstrukturering is ook in Stellenbosch bygewoon deur die Voorsitter van die Moderamen, die Aktuarius en die Saakgelastigde juis met die gedagte dat sinodes nie van mekaar af weg beweeg of Teenstrydige rigtings inslaan nie.

4.3.9 Ondertussen is dr Arnold Smit genader om die proses in Natal te fasiliteer.

4.3.10 Die Moderamen het toe die Dagbestuur saam met dr H Theunissen, ds G van Jaarsveld, ds A Verhoef, ds H van den Heever, ds PF de Jager en dr RB van Aarde versoek om saam met dr Smit op te tree as Ontwerpspan met die oog op die Sinode van 2001.

4.3.11 Hierdie span het drie keer vergader en oa gebruik gemaak van die hulp van die Eenheid vir Godsdiens-Demografiese Navorsing (Universiteit van Stellenbosch) met die oog op die saamstel van 'n verslag vir die Sinode.

4.3.12 Die hele proses het finansiële implikasies (punte 4.3.1-4.3.11), maar is in oorleg met die SKA gedoen. Dit blyk dat die proses die Sinode ongeveer R50,500 meer kos as wat aanvanklik beplan is, maar met goeie gevolg.

4.4 Afloop

4.4.1 Aanbeveling: Die Sinode keur goed dat die Moderamen ongeveer R50,500 meer as die aanvanklike begroting bestee het in 'n poging om die Sinode se behoefte aan effektiewe rasionalisasie suksesvol te bestuur.

5. BESLUITNEMINGSPROSESSE

5.1 Verduidelik gespreks- en besluitnemingsproses.

5.1.1 'n Fasiliteerder verduidelik die funksionering van die tafelgesprekke en die besluitnemingsproses.

5.1.2 'n Uitdeelstuk - Riglyne vir groepbespreking - word uitgedeel.

5.2 Die rolle van voorsitter en fasiliteerder

5.2.1 Die amptelike konstituering en opening word deur die voorsitter gedoen.

5.2.2 Die voorsitter lei die vergadering. Hy doen dit, waar nodig, in samewerking met die fasiliteerder van die Sinode. Die fasiliteerder se rol hou verband met die dialogiese prosesse van die vergadering. Besluitneming vind onder leiding van die voorsitter plaas.

5.3 Besluitnemingsproses

5.3.1 Ontwerpspanlid/fasiliteerder lei die bepaalde onderwerp in. Hy gee alle ter saaklike inligting. Hy kommunikeer die ter saaklike Skrifgetuienis, kerklike praktyk en verantwoord die voorstelle aan die visie.

5.3.2 Ontwerpspanlid/fasiliteerder stel die spreker, waar van toepassing, bekend.

A13

5.3.3 Ontwerpspanlid/fasiliteerder verduidelik die groepsgespreksvrae en gee leiding van die vergadering oor aan die voorsitter/fasiliteerder.

5.3.4 Die groepe bespreek die gespreksvrae. Hierdie vrae verantwoord die Skrifbeginsels, visie van die Sinode, kerkpraktyk en help om beginsels te snap wat gelei het tot die bepaalde voorlegging met sy aanbevelings.

5.3.5 Terugvoer van ‘n aantal tafels word gevra. Ander tafels kry geleentheid om nuwe insette te lewer.

5.3.6 Waar besluitneming in die lig van voorstelle voor die vergadering van toepassing is, is enige lid van die vergadering vry om amendemente voor te stel, of toepaslike nuwe voorstelle op die tafel te plaas.

5.3.7 Voorstelle en amendemente word op die indekskaarte geskryf en ingeneem. Die tegniese ondersteuningspan vertoon dit op ‘n skerm.

5.3.8 Die groepe bespreek die verskillende amendemente.

5.3.9 Ander tafels gee amptelik terugvoer. Oop debat word gevoer. ‘n Ernstige beroep word gedoen dat net nuwe argumente op die tafel moet kom.

5.3.10 Stemming vind olv die voorsitter plaas.

5.4 Stemprosedure

5.4.1 Daar word met kleurkaarte gestem:

5.4.1.1 Groen = JA

5.4.1.2 Rooi = Nee

5.4.1.3 Geel = Ek/vergadering is nog nie gereed om ‘n besluit te neem nie.

5.4.2 Wanneer stemming plaasvind, steek al die sinodegangers gelyktydig hulle kaarte op. Op dié manier is dit vir die voorsitter baie makliker om die meerderheid in die vergadering (kleur!) te bepaal.

5.4.3 Diegene wat teen ‘n voorstel stem, en ernstig daaroor voel dat sy/haar saak nie mooi gehoor is nie, kan op indekskaarte sy/haar beswaar inhandig. Dié word aan die bepaalde ontwerpspanlid oorhandig vir verdere oorweging in die implimentering van die besluit.

6. DIE KONTEKS VAN DIE BEDIENING

6.1 Inleiding

6.1.1 Geen kerk kan haar roeping volledig vervul as sy nie kennis neem van die konteks waarbinne sy kerk is nie. Ten einde ingeligte besluite te neem oor rasionalisasie en toekomstige werksaamhede, moet die NG Kerk van Natal ook kennis neem van die konteks waarbinne ons kerk is. Hierdie konteks sluit die hele sinodale gebied (KZN) in en sal uit die aard van die saak van ander streke/Provinsies verskil.

6.1.2 Om die konteks waarbinne die NG Kerk van Natal moet funksioneer onder oë te kry, skerp ons in der waarheid ons profetiese gawes op. Die profete was mense wat hulle tyd en konteks verstaan het. Hulle was ook

in kontak met die Here en het die vermoë ontvang om die pad vorentoe te kan sien. Wanneer daar dus profeties gedink word oor die toekoms van ons kerk, is statistiese gegewens en ‘n analise van die konteks maar een stap in ‘n baie groter proses. En hierdie hele proses is in die hand van die Here. Ons is per slot van sake ‘n geloofsgemeenskap wat absoluut afhanklik is van die leiding van die Hoof van die kerk, Jesus Christus. Sonder ‘n deeglike kennis van die konteks sal ons egter nie ons profetiese taak ten volle tot uitvoer kan bring nie.

6.1.3 Een van die belangrikste kenmerke van die moderne samelewing, en gevolglik ook van die konteks waarbinne die NG Kerk van Natal moet funksioneer, is die onvoorspelbaarheid en veranderlikheid van dinge. Een van die min sekerhede in die moderne samelewing is juis die wete dat alles verander. Op alle lewensterreine is daar deurlopende veranderings wat baie van die sekerhede van die verlede wegneem. Die blote feit dat transformasie op almal se lippe is en selfs ‘n permanente punt op baie sakelyste is, bevestig die vloeibaarheid van alles. Die Kerk kan hierdie veranderinge nie vryspring nie.

6.1.4 Wanneer ons vra na die konteks waarbinne ons kerk moet wees, is daar drie samelewingsterreine wat die aandag verdien omdat dit so ‘n groot invloed op die kerk en sy werksaamhede het, nl. die:

6.1.4.1 demografiese;

6.1.4.2 ekonomiese; en

6.1.4.3 sosiopolitieke terreine.

6.1.5 Ons sal ook deurlopend moet vra na die NG Kerk se besondere plek en roeping ten opsigte van die bogenoemde terreine.

6.2 Demografies

6.2.1 Demografies is daar verskillende veranderings in Kwazulu-Natal (KZN) wat die NG Kerk se bediening raak.

6.2.2 Daar is ‘n groot verstedelikingsproses wat vergelyk kan word met die verstedeliking van die Afrikaner in die dertiger jare. Alhoewel dit hierdie keer ‘n verstedelikingsproses is wat al die bevolkingsgroepe in KZN raak, het dit die grootste impak op die plattelandse Swartmense. Duisende mense verskuif na die groot metropolitaanse gebiede en dorpe in die hoop op beter werksgeleenthede en ‘n beter inkomste. Durban was tot onlangs toe nog die metropool wat die vinnigste in die wêreld gegroei het.

6.2.3 Daarmee saam het die proses van integrasie binne woongebiede nog nie afgeloop nie. Daar is steeds duisende mense uit die Swart, Bruin en Asiër bevolkingsgroepe wat in tradisionele Blanke woongebiede vestig. Die omgekeerde, waar Blankes in woongebiede van ander bevolkingsgroepe intrek is baie minder.

6.2.4 Hierdie demografiese bewegings het tot gevolg dat baie NG Kerkgemeentes sukkel met kleiner wordende lidmaatgetalle wat al meer wyd

verspreid woon. Niemand kan ook voorspel hoe en wanneer hierdie bewegings tot 'n einde sal kom nie.

6.2.5 Die volgende statistiese gegewens sal 'n invloed op die kerk, en die Sinode, se werksaamhede hê. Daar is 500 000 meer vrouens as mans in KZN. Van die 8,4 miljoen mense in Natal is 81,8% Swartes, 1,4% Kleurlinge, 9,4% Indiërs en 6,6% Blankes. Die gemiddelde ouderdom van die bevolking in Natal is 25 jaar. (Swartmense se gemiddelde ouderdom is 23,6 jaar en Blankes s' n is 35,1 jaar.) Die NG Kerk se lidmate kom dus uit die bevolkingsgroep met die hoogste gemiddelde ouderdom.

6.2.6 Die moedertaal van 79,1% van die bevolking is Zulu. Engels is die taal wat naas Zulu die meeste moedertaalgebruikers het, 15,6%. Daarteenoor is 1,6% van die bevolking Afrikaanssprekendes. Die NG Kerk se toekomstige groeipotensiaal lê dus nie in die Afrikaanssprekende gemeenskap nie.

6.2.7 Die grootste kerk in Natal is die Roomse Kotolieke Kerk, met 11,3% van die bevolking as lidmate. Die NG Kerk (dit sluit die VGKSA en RCA in) het 2,0% van die bevolking as lidmate. In Natal het 14,1% van die bevolking aangedui dat hulle aan geen kerk/godsdiens behoort nie. Daar is natuurlik ook 'n groot persentasie van die bevolking wat aan 'n nie-Christelike geloof, soos Hindoeïsme of die Moslemgeloof behoort. KZN is dus 'n groter sendingveld as die ander provinsies en selfs baie ander Suider-Afrikaanse state!!

6.3 Ekonomies

6.3.1 Op die ekonomiese terrein is daar ook groot onsekerhede. Ons raak al meer afhanklik van wat in die wêreldekonomie gebeur. Dit maak die moontlikheid vir 'n baie stabiele ekonomie vir klein ontwikkelende lande soos SA, en 'n arm Provinsie soos KZN, net al moeiliker.

6.3.2 'n Totaal van 35,3% van mense bo die ouderdom van 20 jaar is ekonomies aktief. Aan die ander kant is daar 'n werkloosheidsyfer by dié groep (bo 20 jaar) van 21,4%. Werksgeleenthede in KZN is uiters skaars! Saam met regstellende aksie wat die Afrikaanssprekende lidmaat van die NG Kerk dalk die diepste raak, het die gemiddelde ekonomiese vermoë van die NG Kerk verminder. Alhoewel die NG Kerk net 'n 2% aandeel in die bevolking het, is sy ekonomiese aandeel aan die ander kant steeds heelwat meer as 2%. Die NG Kerk bly daarom steeds een van die "rykste" kerke in die Provinsie.

6.3.3 Voorts is almal pynlik bewus van die vlak van armoede in ons land. Duisende mense het nie huisvesting nie en leef in haglike omstandighede sonder die basiese lewensmiddele. Die gemiddelde inkomste vir die 1,5 miljoen werkende persone in Natal (totale bevolking is 8,4 miljoen) is R2025 per persoon teenoor die land se gemiddeld van R1055. Vir die Swart arbeidsmag is die gemiddeld R1143 per maand. Vir die Indiër arbeidsmag is dit R2619 en vir die

Blankes R5120. Alhoewel die gemiddelde verdienste van die werkende mense in KZN meer is as die gemiddeld van die land, moet dit gesien word teen die groot werkloosheidsyfer van 21,4%.

6.3.4 Die gevolg van die bogenoemde is dat die rykes al ryker en die armes al armer raak.

6.4 Sosiopolities

6.4.1 Die bogenoemde ekonomiese en demografiese omstandighede het weer ‘n enorme invloed op die sosiopolitieke terrein. Misdaad en geweld het ongekende en onaanvaarbare vlakke bereik. Party beweer dit het te doen met die armoedesituasie in die breë samelewing. Ander blameer ook die diepgaande politieke verskille in die Provinsie wat geweld tussen ondersteuners van verskillende partye aanblaas.

6.4.2 Mense is besig om al groter en hoër mure om hulle te bou, letterlik en figuurlik. Dit beteken dat individualisme al sterker raak en mense al hoe meer na binne leef. Die individu beskerm homself teen die samelewing en leef sy eie lewe sonder om ag te slaan op samelewingsnorme. Alle strukture word negatief beleef, ook kerklike strukture en Bybelse beginsels. Die Kerk en Woord speel net nie meer dieselfde rol in mense se lewens as voorheen nie. Selfs lidmate, en veral jonger lidmate, binne die Kerk wil nie meer voorgeskryf word nie. Getrouheid aan Christus en Sy kerk kom nie meer deur voorskriftelikhede van “bo” af nie, maar deur ondersteuningsdienste van “onder” af. Individualisme raak ook duidelik sigbaar binne die kerklike strukture waar individuele gemeentes al meer hul eie ding wil doen, amper op ‘n independentistiese manier, sonder om van “bo” af voorgeskryf te word.

6.4.3 Die aard van kennis en waarheid is aan die skuif. Kennis en waarheid staan net nie meer so vas soos in die verlede nie en word deurlopend bevraagteken. Wetenskaplike sekerhede het ook baie meer relatief geword.

6.4.4 Statisties is dit belangrik om kennis te neem van die volgende wat die leefwyse van mense skets: 77,7% van alle wonings in KZN het minder as 5 vertrekke; slegs 46,2% van die bevolking het toegang tot elektrisiteit om kos te kook; baie mense gebruik hout vir kook en verhitting; 39,8% het toegang tot ‘n kraan in die huis vir water (die ander maak meestal van riviere, damme, en publieke krane gebruik).

6.4.5 Die impak van die MIV/Vigs pandemie kon nog nie met die 1996 sensus verreken word nie. Vanjaar se sensus sal waarskynlik ‘n duideliker prentjie skets van die gevolge van die siekte. Die NG Kerk sal egter nie kan beplan sonder om die invloed van MIV/Vigs op die gemeenskap in berekening te bring nie. KZN is een van die Provinsies met die hoogste aantal geskatte MIV positiewe persone en Vigslyers. Op die platteland styg die sterftesyfer steeds en predikante van die Verenigende Gereformeerde Kerk van

Suider-Afrika (VGKSA) getuig dat die meeste van hulle bedieningstyd in begrafnisse en die begeleiding van terminale pasiënte ingaan.

6.4.6 Die ekonomiese en demografiese impak van die MIV/Vigs pandemie word deur verskillende navorsers verskillend voorspel. Maar die een feit wat deur almal erken word is dat dit 'n enorme uitdaging aan die kerk gaan stel om hierdie vloedgolf van noodlydendes sinvol te bedien.

6.4.7 Ander sosiale ontwikkelings wat in die toekoms groot bedieningsuitdagings aan die NG Kerk gaan stel is homoseksualisme, kultuurgemengde huwelike, 'n postmoderne relativering van godsdiens, ens.

6.5 Waardes en waardegroepe

6.5.1 'n Gemeenskap kan net effektief funksioneer indien daar gedeelde waardes is wat deur die meerderheid in die bepaalde gemeenskap aanvaar word. Aan die ander kant het verstedeliking en globalisering ons wêreld in 'n sogenaamde "global village" verander waarin 'n gedeelde stel waardes byna onmoontlik is. Om hierdie diversiteit te hanteer, het een van die grootste uitdagings geword, ook vir die kerk. Die NG Kerk van Natal behoort hierdie diversiteit as geleentheid aan te gryp en nie daarvoor terug te deins nie.

6.5.2 AC Nielsen het 'n basiese raamwerk (sosiomonitor) ontwikkel om die waardes van verskillende groepe te verstaan sodat hulle meer effektief bedien kan word. Die raamwerk sal ook help om te weet op watter manier daar met elke groep gekommunikeer kan word. (Hierdie informasie sal natuurlik ook uiters waardevol wees in die strategiese denke en beplanning van 'n gemeente.)

6.5.3 Nielsen se sosiomonitor maak voorsiening vir 5 waardegroepe in Suid-Afrika. Die meerderheid van die NG Kerk se lidmate in Natal val binne 2 van hierdie waardegroepe, met kleiner persentasies in die ander 3 groepe.

6.5.4 Tot soveel as 29% van ons Kerk se lidmate val binne die waardegroep wat as die "Achievers" (presteerders / drywers) bekend staan. Die persentasie vir die NG Kerk nasionaal is 19.9% en vir die totale bevolking van Natal is dit 20,4%. Hierdie groep word gekenmerk deur moderne, individualistiese waardes wat fokus op persoonlike prestasie. Tog is 'n groepsgevoel, familiebande asook sagter en tradisionele waardes ook belangrik vir hierdie groep. Voorts is hierdie groep geneig om die konvensionele en gesagstrukture te bevraagteken. Die groep se gemiddelde ouderdom is 32 jaar, wat nogal inpas by die gemiddelde ouderdomsgroep van die Blankes in Natal - 35,1 jaar. "Achievers" is oor die algemeen selfversekerd en het 'n sterk toekomsvisie. Hulle aanvaar moderne tegnologie, ander rassegroepe en geslagsgelykheid.

6.5.5 Die ander waardegroep waaraan baie NG Kerk lidmate behoort is die sogenaamde "Enhancers" (versterkers / uitstygers), nl.

26,1%. Vir die NG Kerk nasionaal is die persentasie 20,5%. Hierdie groep se primêre behoeftes is selfontwikkeling, kwaliteit en harmonie. Skoonheid en 'n gesonde liggaam is vir die groep belangrik en hulle het 'n ondergemiddelde belangstelling in die nasie, familietradisies en ander rassegroepe. Hulle is meer selfgefokus as die "Achievers". "Enhancers" is oor die algemeen minder uitgesproke, maar ook minder verdraagsaam as die "Achievers". Kerkbywoning speel ook 'n minder belangrike rol by die waardegroep as by die bogenoemde.

6.5.6 Die gevolgtrekking na aanleiding van bogenoemde is dat die NG Kerk van Natal lidmate het wat makliker in 'n nuwe rigting sal beweeg as die res van die Kerk. Aan die ander kant vra die konteks van Natal dat die NG Kerk hier dalk dringender sal moet kyk na bedieningsaanpassings as wat die res van die NG Kerk hoef te doen.

6.6 Die NG Kerk se staanplek in KZN

6.6.1 In hierdie konteks, met baie meer kante as wat hierbo aangedui is, moet die NG Kerk van Natal vir haarself 'n staanplek vind ten einde haar roeping as "sout van die aarde" en "lig vir die wêreld" uit te leef.

6.6.2 Die NG Kerk is in die verlede dikwels beskuldig as die "apartheidskerk", wat daarom ook nie vandag veel vir die samelewing kan beteken nie. Ander verwys na ons as die Kerk van die vorige regering. Dit gaan natuurlik nie hier daaroor om die geldigheid van hierdie persepsies te beoordeel nie, maar bloot om kennis te neem dat die persepsies wel in KZN bestaan. Die NG Kerk het inderdaad sy staanplek van die verlede verloor en sal nou weer 'n nuwe staanplek in die samelewing moet "verdien". Hierdie staanplek sal dalk 'n groter getuienis- en diensknegskarakter, na binne en na buite, as in die verlede moet dra.

6.7 Slotopmerking

6.7.1 In die lig van alles wat hierbo gesê is, blyk die groot uitdaging van die NG Kerk van Natal om te midde van 'n kleinerwordende bedieningspotensiaal 'n groterwordende nood na binne en buite doeltreffend aan te spreek. Die uitdaging vir die NG Kerk is om haarself sodanig te struktureer en te posisioneer dat sy steeds 'n verskil kan maak in die lewens van mense, en in die breër samelewing van KZN. So alleen sal sy gehoorsaam kan bly aan haar roeping om kerk van Christus in en vir die wêreld, maar nie van die wêreld nie, te wees.

7. DIE STRUKTURELE EN FINANSIËLE WERKLIKHEDE

7.1 Missie

7.1.1 Die huidige missie van die Sinode is: *Die Sinode van die NG Kerk van Natal bestaan ter wille van die gemeenskaplike werksaamheid van die gemeentes waaruit die Sinode saamgestel is, om in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die hoof van die kerk aan die uitbou van die Koninkryk van God mee te werk.*

A19

7.2 Huidige werksaamhede en struktuur

7.2.1 Organogram

7.2.1.1 Die huidige werksaamhede van die Sinode en sy kommissies word uiteengesit in die Organogram wat as Bylae aan die einde van hierdie verslag verskyn. Die stippellyne dui aan hoe verskillende kommissies verteenwoordig word in die Moderamen en Kommissie vir Administrasie.

7.2.2 Missie en doelstellings

7.2.2.1 Ter wille van ruimtebesparing word die missie en doelstellings van elke kommissie nie hier weergegee nie. Dit word volledig uiteengesit in die Kerkordeboek op bladsy 104 tot 115.

7.2.3 Sterkpunte van huidige strukture

7.2.3.1 Ringe word goed verteenwoordig in die kommissies.

7.2.3.2 Meer indiwidue en dus gemeentes is betrokke.

7.2.3.3 Goeie koördinasie vind plaas in die persoon van die Saakgelastigde. Daar is ten minste een persoon wat kennis dra van wat op al die verskillende terreine gedoen word.

7.2.4 Knelpunte van huidige strukture

7.2.4.1 Die struktuur is lomp en ingewikkeld. Moderne organisasieteorie leer dat hoe eenvoudiger en platter strukture is, hoe beter werk dit.

7.2.4.2 Besluite moet 'n lang pad loop. Die meeste kommissies vergader slegs een maal per jaar.

7.2.4.3 Kommissies is groot en dit kos baie geld om te vergader.

7.2.4.4 Daar bestaan heelwat sub-kommissies, wat dikwels apart vergader, dan rapporteer aan die betrokke kommissie wat op sy beurt weer aan die Sinode rapporteer - 'n baie lang pad.

7.2.4.5 Voorsitters van kommissies dien op die SKA sowel as op die Moderamen. Dit bring 'n onnodige werklas mee.

7.2.4.6 Die Saakgelastigde moet ter wille van koördinering op al die kommissies dien. Dit neem baie tyd in beslag.

7.2.4.7 Die Sinode vergader slegs een maal elke vier jaar. Dit vertraag besluitneming en uitvoering.

7.2.4.8 Omdat die Sinode so min vergader, neem kommissies dikwels belangrike besluite wat nie kan oorstaan tot by 'n sinodesitting nie, met die gevolg dat eienaarskap vir die besluite nie aanvaar word nie.

7.2.4.9 Sommige lede van 'n groot kommissie is slegs passasiers wat weinig insette lewer.

7.2.4.10 Kommissies se agendas is baie vol, dikwels met baie onnodige sake wat nie vir die gemeentes van groot belang is nie.

A20

7.3 Personeel - posbeskrywings

7.3.1 Algemeen

7.3.1.1 Daar is tans 20 persone in diens van die Sinode van Natal, 14 by die Sinodale Sentrum en 6 by die Kampterrein.

7.3.2 Saakgelastigde en PSD vir Moderamen, SKA, SRK en SKKM

7.3.2.1 Werksure: voltyds.

7.3.2.2 Doel: om as uitvoerende amptenaar van die Sinode die sake van die Sinode en sy kommissies effektief te bestuur en te administreer.

7.3.2.3 Kritiese prestasie-areas:

7.3.2.3.1 Uitvoerende ampenaar van die Sinode

7.3.2.3.2 Strategiese bestuur en ontwikkeling

7.3.2.3.3 Sinodale kommissies

7.3.2.3.4 Kantooradministrasie en personeelbestuur

7.3.2.3.5 Finansiële bestuur

7.3.2.3.6 Eiendom- en toerustingsbestuur

7.3.2.3.7 Pastoraat

7.3.2.3.8 Inligtings- en skakelbeampte

7.3.2.3.9 Diens in Algemene Sinodale verband

7.3.3 Dir:MD en PSD vir SKDB, SSK en SKDV

7.3.3.1 Werksure: voltyds.

7.3.3.2 Doel:

7.3.3.2.1 Die PSD/Direkteur Maatskaplike Dienste as uitvoerende amptenaar van die SKDB en direkteur van die NGK:MD is saam met die betrokke ampte verantwoordelik vir die uitbou van die Koninkryk van God op die terrein van die barmhartigheidsbediening van die NG Kerk van Natal. Hy bestuur en administreer die sake van die SKDB en sy welsynsorganisasie, die NGK:MD.

7.3.3.2.2 Die PSD as uitvoerende amptenaar van die SSK is saam met die betrokke kommissielede en ampte in die gemeentes verantwoordelik om die NG Kerk van Natal te begelei in sy wesenstaak, nl die uitvoering van die allesomvattende sendingroeping. Hy bestuur en administreer die sake van die SSK.

7.3.3.2.3 Die PSD as uitvoerende amptenaar van die SKDV is saam met die betrokke kommissielede en ampte in die gemeentes verantwoordelik om die NG Kerk van Natal te begelei in haar arbeidsverhoudinge. Hy bestuur en administreer die sake van die SKDV.

7.3.3.3 Kritiese Prestasie-areas:

7.3.3.3.1 SKDB:

7.3.3.3.1.1 Uitvoerende amptenaar van die SKDB

7.3.3.3.1.2 Uitvoerende amptenaar van die NGK:MD

7.3.3.3.1.3 Strategiese bestuur

7.3.3.3.1.4 Direkteur Maatskaplike Werk Dienste

7.3.3.3.1.5 Direkteur Inrigtingsorg

7.3.3.3.1.6 Personeelbestuur

7.3.3.3.1.7 Finansiële bestuur

7.3.3.3.1.8 Toesighouding oor eiendom en toerusting

7.3.3.3.1.9 Skakelbeampte

7.3.3.3.1.10 Kantooradministrasie.

7.3.3.3.2 SSK:

7.3.3.3.2.1 Uitvoerende beampte van die SSK

7.3.3.3.2.2 Inligtingsbeampte

7.3.3.3.2.3 Konsulteer na binne en buite oor sendingaangeleenthede

7.3.3.3.2.4 Strategiese bestuur van die SSK
7.3.3.3.2.5 Finansiële bestuur
7.3.3.3.2.6 Skakeling
7.3.3.3.2.7 Kantooradministrasie.
7.3.3.3.3SKDV:
7.3.3.3.3.1 Uitvoerende beampte van die SKDV
7.3.3.3.3.2 Inligting en skakeling
7.3.3.3.3.3 Finansiële bestuur
7.3.3.3.3.4 Kantooradministrasie.

7.3.4 PSD vir SJK, SKG en SKLAS

7.3.4.1 Werksure: voltyds.

7.3.4.2 Doel:
7.3.4.2.1Om in samewerking met die SJK gemeentes te help om hulle jeugbediening te verbeter dmv konsultasie, opleiding en toerusting in gemeentes, ringe en die Sinode van kerkrade, jeugbegeleiers, jeugleiers, jeug en ouers.
7.3.4.2.2Om in samewerking met die SKG gemeentes te help om hulle Gemeentebediening te verbeter dmv konsultasie, opleiding en toerusting in gemeentes, ringe en die Sinode van kerkrade, gemeenteleiers en predikante. Om gemeentes te help met die geestelike en pastorale versorging van die predikant en sy gesin.
7.3.4.2.3Om in samewerking met die SKLAS gemeentes te help om duidelikheid te hê oor die leer van die Kerk en skrifgetroue standpunte oor aktuele sake te kan inneem en in die gemeenskap bekend te stel.

7.3.4.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.4.3.1SJK:
7.3.4.3.1.1 Navorsing
7.3.4.3.1.2 Voorsiening van Bronne en Toerustingsmateriaal
7.3.4.3.1.3 Doen self opleiding en gee toerusting
7.3.4.3.1.4 Bou verhoudings met kommissielede, leraars, kerkrade, gemeentes, ringe, skole en jeugorganisasies
7.3.4.3.1.5 Voorsien inligting oor netwerke, kampterreine en bronmateriaal
7.3.4.3.1.6 Wees self betrokke by 'n gemeente/s se jeugwerk, skole en ander jeuginstansies
7.3.4.3.1.7 Vorm deel van taakgroepe en sinodale verteenwoordigers soos die SJK mag besluit.
7.3.4.3.2SKG:
7.3.4.3.2.1 Navorsing
7.3.4.3.2.2 Voorsiening van bronne en toerustingsmateriaal
7.3.4.3.2.3 Doen self opleiding en gee toerusting
7.3.4.3.2.4 Bou verhoudings saam met SKG-lede met leraars en hulle gesinne, kerkrade, gemeentes en ringe
7.3.4.3.2.5 Voorsien inligting oor netwerke en bronmateriaal
7.3.4.3.2.6 Wees self betrokke by 'n gemeente
7.3.4.3.2.7 Uitvoering van opdragte soos die SKG mag besluit binne die raamwerk van die pos.
7.3.4.3.3SKLAS:
7.3.4.3.3.1 Navorsing
7.3.4.3.3.2 Voorsiening van bronne en inligtingsmateriaal
7.3.4.3.3.3 Voorsien inligting oor netwerke en bronmateriaal
7.3.4.3.3.4 Uitvoering van opdragte soos die SKLAS mag besluit binne die raamwerk van die pos.

A22

7.3.5 Senior Admin Beampte (Admin Afd)

7.3.5.1 Werksure: voldag.

7.3.5.2 Doel: Die Posbekleër is verantwoordelik om haar administatiewe pligte in die kantoor, asook vir die Saakgelastigde so spoedig en akkuraat as moontlik af te handel, asook haar pligte rondom die konferensiefasiliteite professioneel te hanteer.

7.3.5.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.5.3.1Personeel: toesig en personeellêers
7.3.5.3.2Konferensiefasiliteerder
7.3.5.3.3Posduif
7.3.5.3.4Eiendom en toerusting
7.3.5.3.5Liassering
7.3.5.3.6Finansies
7.3.5.3.7Studielenings
7.3.5.3.8Huweliksbevestigers
7.3.5.3.9Aflos
7.3.5.3.10 Prosedurehandleiding.

7.3.6 Admin Beampte (Ontvangs, Moderamen, SKA, SRK en SKKM)

7.3.6.1 Werksure: voldag.

7.3.6.2 Doel: Die Posbekleër is verantwoordelik om administatiewe werk in die kantoor asook vir die Saakgelastigde so spoedig en akkuraat as moontlik af te handel.

7.3.6.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.6.3.1Beheer toegang tot kantoor
7.3.6.3.2Inkomende en uitgaande pos
7.3.6.3.3Telefoon
7.3.6.3.4Fakse
7.3.6.3.5E-pos
7.3.6.3.6Liassering
7.3.6.3.7Voorrade
7.3.6.3.8Algemene administrasie
7.3.6.3.9Agendas en notules
7.3.6.3.10 Nuusbriewe
7.3.6.3.11 Tikwerk
7.3.6.3.12 Aflos
7.3.6.3.13 Prosedurehandleiding.

7.3.7 Admin Beampte (SJK, SKG en SKLAS)

7.3.7.1 Werksure: voldag.

7.3.7.2 Doel: Die Posbekleër is verantwoordelik om administatiewe werk in die kantoor asook vir die Uitvoerende Amptenaar vir SJK, SKG en SKLAS so spoedig en akkuraat as moontlik af te handel.

7.3.7.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.7.3.1Agendas en notules
7.3.7.3.2Tikwerk
7.3.7.3.3Kampe, kursusse en konferensies
7.3.7.3.4Persoonlike assistent vir Uitvoerende Amptenaar
7.3.7.3.5Administrasie van Kampterrein
7.3.7.3.6Afloswerk
7.3.7.3.7Prosedurehandleiding
7.3.7.3.8Persoonlike ontwikkeling.

7.3.8 Rekenpligtige Amptenaar

7.3.8.1 Werksure: voldag.

7.3.8.2 Doel: Die Posbekleër is verantwoordelik vir die doeltreffende funksionering van die Finansiële Afdeling en die korrekte boekstelling van alle rekenkundige transaksies.

7.3.8.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.8.3.1Beheer, toesig en aflos
7.3.8.3.2Daaglikse take:
7.3.8.3.2.1 finansiële navrae
7.3.8.3.2.2 oplos van personeelprobleme
7.3.8.3.2.3 indiensopleiding

A23

7.3.8.3.2.4 joernaalregstellings
7.3.8.3.2.5 spesiale take
7.3.8.3.3Weeklikse take:
7.3.8.3.3.1 pos na grootboek
7.3.8.3.4Maandelikse take:
7.3.8.3.4.1 herhalende bondels
7.3.8.3.4.2 renteberekeninge
7.3.8.3.4.3 sinodale bydraes en kollektes
7.3.8.3.4.4 rekonsiliasie
7.3.8.3.4.5 maandelikse state
7.3.8.3.5Jaarlikse take:
7.3.8.3.5.1 jaareinde afsluiting en geouditeerde state
7.3.8.3.5.2 begrotings
7.3.8.3.5.3 sinodale aanslae
7.3.8.3.6Prosedurehandleiding.

7.3.9 Admin Beampte 1 (finansies)

7.3.9.1 Werksure: voldag.

7.3.9.2 Doel: Om alle inkomste en uitgawes volgens tjekboek, kwitansieboeke en bankstate op rekenaar te verwerk en te balanseer.

7.3.9.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.9.3.1Pos kwitansies, tjeks en ander bankinskrywings
7.3.9.3.2Rekonsilieer en balanseer rekeninge
7.3.9.3.3Versamel inligting
7.3.9.3.4Liassering
7.3.9.3.5Aflos
7.3.9.3.6Prosedurehandleiding.

7.3.10 Admin Beampte 2 (finansies)

7.3.10.1 Werksure: 5 uur per dag.

7.3.10.2 Doel: Die posbekleër is daarvoor verantwoordelik om alle funksies rondom ontvangstes en betaling te vervul.

7.3.10.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.10.3.1 Ontvang alle gelde
7.3.10.3.2 Doen alle uitbetalings
7.3.10.3.3 Hanteer navrae
7.3.10.3.4 Liassering
7.3.10.3.5 Prosedurehandleiding
7.3.10.3.6 Aflos.

7.3.11 Admin Beampte (personeelklerk)

7.3.11.1 Werksure: 4 ure per dag.

7.3.11.2 Doel: Die posbekleër is daarvoor verantwoordelik om alle personeeladministrasie wat in die sinodale kantoor gedoen word, betyds en akkuraat af te handel.

7.3.11.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.11.3.1 Salarisadministrasie
7.3.11.3.2 Mediesefonds
7.3.11.3.3 Pensioene
7.3.11.3.4 Uitgestelde vergoeding
7.3.11.3.5 Groepversekering
7.3.11.3.6 Debietorders
7.3.11.3.7 Werkloosheidsversekeringsfonds
7.3.11.3.8 Ongevalle versekering
7.3.11.3.9 SA Inkomstediens
7.3.11.3.10 Liassering
7.3.11.3.11 Prosedurehandleiding
7.3.11.3.12 Aflos.

7.3.12 Senior Admin Beampte vir SKDB, SSK en SKDV

7.3.12.1 Werksure: 5 uur per dag.

7.3.12.2 Doel: Die posbekleër is verantwoordelik vir die administratiewe funksionering van die Kantoor vir Getuienis en Barmhartigheid. Sy bestuur al die administratiewe sake in die Kantoor en funksioneer as sekretaresse van die Uitvoerende Amptenaar.

A24

7.3.12.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.12.3.1 Kommunikasie
7.3.12.3.2 Rekenaarwerk
7.3.12.3.3 Liassering
7.3.12.3.4 Vergaderingsprosedure
7.3.12.3.5 BTW-eise van Welsynsorganisasie (WO)
7.3.12.3.6 Personeelbestuur van WO.

7.3.13 Argiefbeampte

7.3.13.1 Werksure: 6 uur per dag.

7.3.13.2 Doel: Om, as deel van die Inligtingsnetwerk van die Algemene Sinode en volgens voorgeskrewe beleid, alle moontlike databronne in Natal te versamel, te orden en te bewaar. Hierdie data word op sinvolle wyse ontsluit en verwerk in bruikbare inligting wat in die eerste plek as 'n dienslewering aan die kerk, maar ook aan buitekerklike navorsers, beskikbaar gestel word.

7.3.13.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.13.3.1 Rekordbeheer
7.3.13.3.2 Rekenarisering
7.3.13.3.3 Inligtingsnavrae, navorsing en genealogie
7.3.13.3.4 Bemarking en opleiding
7.3.13.3.5 Skakeling: ander argiewe en instansies
7.3.13.3.6 Toesig en beheer: SKA
7.3.13.3.7 Beleid en ontwikkeling: AKAI
7.3.13.3.8 Prosedurehandleiding.

7.3.14 Senior Alg Asst (Admin)

7.3.14.1 Werksure: voldag.

7.3.14.2 Doel: Die posbekleër tree op as boodskapper en is verantwoordelik vir algemene skoonmaakwerk asook hulp met etes en verversings tydens vergaderings.

7.3.14.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.14.3.1 Maak kantore skoon
7.3.14.3.2 Maak vensters skoon
7.3.14.3.3 Asblikke
7.3.14.3.4 Versorg plante
7.3.14.3.5 Breekgoed
7.3.14.3.6 Etes en verversings
7.3.14.3.7 Handdoeke en tafeldoeke
7.3.14.3.8 Possak
7.3.14.3.9 Banke
7.3.14.3.10 Munisipaliteit
7.3.14.3.11 Boodskapper
7.3.14.3.12 Toerusting.

7.3.15 Alg Asst (Admin)

7.3.15.1 Werksure: voldag.

7.3.15.2 Doel: Die posbekleër is verantwoordelik vir algemene skoonmaakwerk, hulp aan boodskapper en met verversings en etes vir vergaderings.

7.3.15.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.15.3.1 Maak kantore en ander fasiliteite skoon
7.3.15.3.2 Maak vensters skoon
7.3.15.3.3 Asblikke
7.3.15.3.4 Fontein
7.3.15.3.5 Plante
7.3.15.3.6 Etes en verversings
7.3.15.3.7 Toerusting
7.3.15.3.8 Oop en toesluit van konferensiefasiliteite
7.3.15.3.9 Aflos.

7.3.16 Bestuurder (Kampterrein)

7.3.16.1 Werksure: voltyds.

7.3.16.2 Doel: Die Kampterreinbestuurder is verantwoordelik vir die

A25

instandhouding van die NG Kampterrein en die algemene toesig oor instandhoudingspersoneel en gebruikers van die Kampterrein vir solank hulle op die terrein is.

7.3.16.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.16.3.1 Toesig oor alle instandhouding
7.3.16.3.2 Indiensneming en kontrolering van arbeiders
7.3.16.3.3 Die byhou van besprekingsregister
7.3.16.3.4 Ontvang van kampgelde en uitreiking van kwitansies
7.3.16.3.5 Beheer van kleinkas
7.3.16.3.6 Byhou van inventaris van alle toerustingsbestuur
7.3.16.3.7 Verslaggewing aan beheerraad
7.3.16.3.8 Ontvang kampe en groepe op die terrein
7.3.16.3.9 Afsonderlike verslaggewing na elke kamp
7.3.16.3.10 Finansiële bestuur.

7.3.17 Faktotum (Kampterrein)

7.3.17.1 Werksure: deeltyds.

7.3.17.2 Doel: Om die dag tot dag instandhouding van die Kampterrein te doen.

7.3.17.3 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.17.3.1 Herstel breekskade
7.3.17.3.2 Hou elektriese en waterinstallasies in puik toestand
7.3.17.3.3 Herstel normale slytasie (verf en ander).

7.3.18 Senior Alg Asst (Kampterrein)

7.3.18.1 Werksure: 45 uur per week.

7.3.18.2 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.18.2.1 Skoonmaak: kombuis en saal
7.3.18.2.2 Inspeksie: kombuis en saal
7.3.18.2.3 Hulp aan kampe
7.3.18.2.4 Wasbakke
7.3.18.2.5 Vensters
7.3.18.2.6 Sleutels
7.3.18.2.7 Skoonmaakmiddels
7.3.18.2.8 Toesig
7.3.18.2.9 Tree op as gids op terrein
7.3.18.2.10 Algemene werk
7.3.18.2.11 Eie kamer en badkamer.

7.3.19 Alg Asst 1 (Kampterrein)

7.3.19.1 Werksure: 45 uur per week.

7.3.19.2 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.19.2.1 Skoonmaak van kamers 17 tot 31 sowel as klein saal en klein kombuis
7.3.19.2.2 Inspeksie
7.3.19.2.3 Klein kombuis
7.3.19.2.4 Kampe
7.3.19.2.5 Stoepe
7.3.19.2.6 Wasbakke
7.3.19.2.7 Vensters
7.3.19.2.8 Sleutels
7.3.19.2.9 Na kampe
7.3.19.2.10 Algemene werk
7.3.19.2.11 Eie kamer en badkamer.

7.3.20 Alg Asst 2 (Kampterrein)

7.3.20.1 Werksure: 45 uur per week.

7.3.20.2 Kritiese Prestasie-areas:
7.3.20.2.1 Skoonmaak van kamers 1 tot 16 sowel as badkamers en stortkamers
7.3.20.2.2 Inspeksie
7.3.20.2.3 Kampe
7.3.20.2.4 Stoepe en gange
7.3.20.2.5 Wasbakke
7.3.20.2.6 Vensters
7.3.20.2.7 Sleutels
7.3.20.2.8 Na kampe
7.3.20.2.9 Algemene werk
7.3.20.2.10 Eie kamer en badkamer.

A26

7.3.21 **Alg Asst 3 (Kampterrein)**

7.3.21.1 Werksure: 43.5 uur per week.

7.3.21.2 Kritiese Prestasie-areas:

7.3.21.2.1 Tuinonderhoud

7.3.21.2.2 Blare opvee

7.3.21.2.3 Vullisdromme leeg hou

7.3.21.2.4 Hulp met onderhoud

7.3.21.2.5 Kampe

7.3.21.2.6 Algemene werk

7.3.21.2.7 Eie kamer en badkamer.

7.4 Finansiële posisie van Sinode

7.4.1 Bates

7.4.1.1 Eiendomme

7.4.1.1.1 Die volgende eiendomme is tans in die naam van die NG Kerk van Natal geregistreer. Hierby is nie ingesluit eiendomme wat deur die VGKSA en RCA gebruik word en wat tans nog in die proses van oordrag is nie. Die versekerde waardes word getoon, wat meestal heelwat hoër is as verkoopwaarde.

	Versekerde waarde
Sinodale Sentrum	R 10,050,000
Denniswegpastorie	R 600,000
Harrie Malanoordpastorie	R 850,000
Patriciawegpastorie	R 720,000
Kampterrein	R 1,220,000
Bloukransfeesterrein	R 8,000
Danskraalfeesterrein	R 8,000
Malvern Kinderhuis	R 7,000,000
Greytown Kinderhuis	R 7,325,000
Morester Kinderhuis	R 5,200,000
Tuinsig Sentrum	R 15,407,000
Totaal	R 48,388,000

7.4.1.2 Beleggings

7.4.1.2.1 Op 28 Februarie 2001 was die totale fondse op belegging by die Sinodale Kantoor R11,937,456. Hierdie beleggings bestaan uit eie fondse (R7,838,830), Trustfondse (R2,553,250) asook beleggings namens ander instansies (R1,545,376). Die tabelle hieronder toon die verskillende beleggings aan:

SKA Fondse: Fondsnaam	*Bedrag*
Algemene Sinodefonds: voorsiening vir sittings	R 44,446
Natal Sinodefonds: voorsiening vir sittings	R 114,547
CJ van Schalkwyk boedel	R 21,516
Eiendomsfonds	R 345,837
Gemeentebystandsfonds	R 816,638
Reserwefonds	R 4,092,219
Mediese subsidiefonds	R 1,292,064
Totaal: SKA fondse	**R 6,727,265**

Ander komm: Fondsnaam	*Bedrag*
Malan/Cronje Bejaardesorgfonds	R 632,657
Predikantekursusfonds	R 1,208
Jeug Projektefonds	R 15,582
Sendingreserwefonds	R 450,245
Kampterrein vervangingsfonds	R 1,979

A27

Ander komm: Fondsnaam	*Bedrag*
Skoolverlaterskampe	R 2,592
Vrouediens	R 7,300
Totaal: Ander kommissies	**R 1,111,565**

Trustfondse: Fondsnaam	*Bedrag*
PJ de Villiersfonds (SKDB)	R 600,140
SKDB Rampfonds	R 73,433
SKDB Wetsoortredersfonds	R 867
Alkoholistediens	R 4,216
Fonds vir Gestremdes - MCE Nel	R 220,906
SSK - Bemaking Thom	R 5,619
SSK - Mooiplaas Trust	R 170,345
SSK - Trust MD Olivier	R 10,684
SSK - Bemaking Semmelink	R 64,904
Danskraaltrust	R 29,800
HC Scheepersfonds	R 6,000
JF Scheepersfonds	R 2,000
Hennie van Rensburg Studiefonds	R 251,081
JW du Preez Studiefonds	R 234,781
Natalse Studiehulpfonds	R 460,010
Teologiese Studiefonds	R 418,464
Totaal: Trustfondse	**R 2,553,250**

Beleggings: Ander instansies	*Bedrag*
Greytown Kinderhuis	R 135,242
Tuinsig	R 46,795
CMD Pmb	R 71,512
CMD Port Shepstone	R 29,723
CMD Utrecht	R 46,866
CMD Vryheid	R 168,765

Beleggings: Ander instansies	*Bedrag*
GRSK-Durban	R 369,701
VGKSA	R 352,751
VGKSA Vrouevereniging	R 101,267
NGK Glencoe	R 49,803
Kerkboufonds: Mpophomeni	R 130,885
Morester Kinderhuis	R 42,066
Totaal: ander instansies	**R 1,545,376**

7.4.2 Inkomste

7.4.2.1 Die begrote inkomste vir die huidige boekjaar (2001/2002) word getoon in die tabel hieronder:

Beskrywing	*Bedrag*
SKA	***R 1,642,127***
Sinodale Bydraes	R 549,963
Administrasiegeld	R 140,004
Rente: Reserwefonds	R 720,000
Rente: Eiendomsfonds	R 35,000
Verhuring: Sinodale Sentrum	R 197,160
SKDB	***R 418,814***
Sinodale Bydraes	R 344,414
Sinodale kollektes	R 19,200
Rente	R 54,000
BTW	R 1,200
SKG	***R 127,751***
Sinodale Bydraes	R 127,751
SJK	***R 345,250***
Sinodale Bydraes	R 332,250
Sinodale kollekte	R 13,000
Moderamen	***R 81,776***

A28

Beskrywing	*Bedrag*
Sinodale Bydraes	R 81,776
SSK	***R 1,001,636***
Sinodale Bydraes	R 913,733
Rente	R 39,000
Diverse	R 1,603
GEM ander inkomstes	R 47,300
SKDV	***R 17,189***
Sinodale Bydraes	R 17,189
Totale inkomste	**R 3,634,543**
OPSOMMING	
Sinodale Bydraes	R 2,367,076
Sinodale Kollektes	R 32,200
Rente	R 848,000
Bedryfsinkomste	R 387,267
Totaal	**R 3,634,543**

7.4.3 **Uitgawes**

7.4.3.1 Die begrote uitgawes vir die huidige boekjaar (2001/2002) word getoon in die tabel hieronder:

Beskrywing	*Bedrag*
SKA	***R 1,642,127***
Administrasie	R 223,480
Personeel: SKA	R 556,459
Bydrae: Algemene Sinode	R 84,868
Vergaderingskoste: SKA	R 25,634
SKKM	R 11,043
SRK	R 16,150
SKLAS	R 12,650
Natal Sinodefonds	R 74,676
Algemene Sinodefonds	R 15,000
Mediese Subsidiefonds	R 200,400
Gemeentebystandsfonds	R 120,000
Eiendomsuitgawes	R 232,160
SKDB	***R 418,814***
Administrasie	R 33,924
Hospitaalbediening	R 43,000
Personeel	R 212,020
Vergaderingskoste	R 21,749
Subs: Hoofmaatsk Werkers	R 54,121
Aanwending: fondsrente	R 54,000
SKG	***R 127,751***
Vergaderingskoste	R 24,530
Personeel	R 68,013
Administrasie	R 1,805
Vrouediens	R 3,554
Kuratoria	R 9,850
Fasilitering	R 20,000
SJK	***R 345,250***
Vergaderingskoste	R 11,556
Personeel	R 185,094
Taakgroepe	R 13,250
Administrasie	R 17,288
Subs: Skoolverlaterskampe	R 41,910
Subs: Kampterrein	R 76,152
Moderamen	***R 81,776***
Vergaderingskoste	R 22,619
Personeel	R 42,581
Administrasie	R 16,576
SSK	***R 1,001,636***
Administrasie	R 7,784
Vergaderingskoste	R 17,304
Personeel	R 44,417

A29

Beskrywing	*Bedrag*
GEM Administrasie	R 15,752
Subs: Mashona	R 36,644
Subs: Mtubatuba	R 237,190
Subs: Noord-Zoeloeland	R 138,102
Subs: Dingaanstat	R 148,156
Subs: Vryheid	R 118,800
Subs: Nkandla	R 134,667
Subs: Ringsondersteuning	R 102,820
SKDV	*R 17,189*
Personeel	R 10,839
Vergaderingskoste	R 4,850
Administrasie	R 1,500
Totale Uitgawes	**R 3,634,543**

8. VOORLOPIGE MOONTLIKHEDE VIR DIE TOEKOMS

8.1 Inleiding

8.1.1 Hierdie moontlikhede is ontwikkel om koherente prentjies daar te stel oor 'n moontlike toekomstige bestaanswyse van die Sinode van die NG Kerk van Natal.

8.1.2 In die ontwikkeling van hierdie moontlikhede is van die volgende drywers gebruik gemaak: missie; finansies; infrastruktuur; werksaamhede en gemeentediens.

8.1.3 Hierdie moontlikhede is ontwikkel om gedagtes te stimuleer, en daarom kan daar heeltemal nuut gedink word of gekombineer word tussen die verskillende moontlikhede.

8.2 Moontlikheid 1

8.2.1 Missie

8.2.1.1 Die Missie van die Sinode van Natal is: Die Sinode van die NG Kerk van Natal bestaan ter wille van die gemeenskaplike werksaamheid van die gemeentes waaruit die Sinode saamgestel is, om in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die hoof van die kerk, aan die uitbou van die Koninkryk van God mee te werk.

8.2.2 Beskrywing

8.2.2.1 Volgens hierdie moontlikheid is die Sinode baie klein en die kostes minimaal.

8.2.2.2 Slegs die allernoodsaaklike dienste word deur die Sinode gelewer, in lyn met die missie, nl slegs dit wat nie deur gemeentes of ringe gedoen kan word nie.

8.2.2.3 Moontlikheid 1 en 2 het baie raakvlakke en kan ook gekombineer word tot een. (Lees dus saam)

8.2.3 Drywers

8.2.3.1 Missie; finansies; infrastruktuur; werksaamhede en gemeentediens.

8.2.4 Werksaamhede

8.2.4.1 **Besluitnemingsprosesse**

8.2.4.1.1 Sinodesittings word elke tweede jaar gehou by vooraf geïdentifiseerde gemeentes. Gemeentes dra die volle kostes van afgevaardigdes.

8.2.4.1.2 Die Moderatuur bly voortbestaan en vergader telefonies.

8.2.4.2 **Bestuursprosesse**

8.2.4.2.1 **Struktuur**: Alle Sinodale werksaamhede word afgeskaal en

afgewentel na gemeentes en ringe. Bedieninge word gedesentraliseer na ringe toe.

8.2.4.2.2 **Sinodale kommissies** bestaan voort met die oog op kommunikasie en besluitneming. Vergaderinge word telefonies gedoen.

8.2.4.2.3 **Personeel**: Alle Sinodale poste word afgeskaf. Personeel word sover moontlik in ander poste oorweeg: tentmakers; vul van vakatures in gemeentes of deur in te koop by gemeentes wat swaartrek.

8.2.4.3 Bedieningsprosesse

8.2.4.3.1 **Subsidies** word heroorweeg; gesny met 50% of meer; deur ander bronne befonds; op 'n glyskaal geplaas; geprivatiseer; Artikel 21 of iets anders. Die ringe neem verantwoordelikheid. Maak selfs toe en sluit as dit nie langer bekostig kan word nie!

8.2.5 Kosteberekeninge

8.2.5.1 Alle Sinodale bates word omskep in kontant en word saam met die beleggings van die Sinode teruggeploeg en herverdeel aan ringe of gemeentes op 'n wyse waarop die Sinode besluit. Hierdie herverdeling geskied eers nadat die proses van verandering volledig gefinansier is.

8.2.5.2 Die Minimale Sinodale kostes wat oorbly kan deur 'n twee-jaarlikse Sinodale administrasiefonds gedra word.

8.2.5.3 Sinodale bydraes verval en elke gemeente dra by tot 'n sentrale kas by die ring of sinode waaruit alle leraars vergoed word. Die administrasie hiervoor word uitgekoop of gehuur.

8.2.6 Evaluering

8.2.6.1 Alle skuld kan afgeskryf word en die kontantvloei wat so beskikbaar word kan vir bedieninge aangewend word.

8.2.6.2 Gemeentes hoef nie meer geld te leen om Sinodale bydraes te betaal nie.

8.2.6.3 Die sentralisering van fondse vir die betaling van leraars sal gemeentes wat swaarkry van 'n leraar verseker.

8.3 MOONTLIKHEID 2

8.3.1 Missie

8.3.1.1 Die Missie van die Sinode van Natal is: Die Sinode van die NG Kerk van Natal bestaan ter wille van die gemeenskaplike werksaamheid van die gemeentes waaruit die die Sinode saamgestel is, om in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die hoof van die kerk aan die uitbou van die Koninkryk van God mee te werk.

8.3.2 Beskrywing

8.3.2.1 Volgens hierdie moontlikheid is die Sinode klein en sorg vir homself.

8.3.2.2 Slegs die allernoodsaaklike dienste word deur die Sinode gelewer, in lyn met die missie, nl slegs dit wat nie deur gemeentes of ringe gedoen kan word nie.

A31

8.3.3 Drywers

8.3.3.1 Missie; finansies; infrastruktuur; werksaamhede en gemeentediens.

8.3.4 Werksaamhede

8.3.4.1 **Besluitnemingsprosesse:**
Sinodesittings word elke twee jaar gehou om beleidsake te hanteer en bedieningsplanne goed te keur. Tussen sinodesittings neem die Sinodale Kommissie besluite. Die Sinodale Kommissie tree op as bestuursgroep en die uitvoering word deur die Uitvoerende Amptenaar, sy personeel asook vrywillige (geroepe) predikante en lidmate binne die sinodale gebied gedoen.

8.3.4.2 **Bestuursprosesse:**

8.3.4.2.1**Kommissies**: Daar bestaan slegs een kommissie (genoem Sinodale Kommissie - SK) met een verteenwoordiger uit elke ring plus die verkose moderatuur (slegs vier lede wat saam met die uitvoerende amptenaar as dagbestuur dien) en die uitvoerende amptenaar. Die SK neem tussen sinodes besluite en tree as bestuursgroep op. Hierdie kommissie beveel ook verteenwoordigers op die Algemene Sinodale Kommissies aan. Hierdie kommissie maak gebruik van ad hoc werkgroepe wat onder leiding van die Uitvoerende Amptenaar verantwoordelik is vir die uitvoering van werksaamhede. So 'n werkgroep bestaan uit een of hoogstens twee persone om kostes tot die minimum te beperk.

8.3.4.2.2**Personeel**: Die personeel bestaan uit 'n Uitvoerende Amptenaar (verkieslik 'n predikant ter wille van kommunikasie met gemeentes), 'n Finansiële Beampte, 'n Administratiewe Beampte en Algemene Assistent.

8.3.4.2.3**Kommunikasie**: Die Uitvoerende Amptenaar is verantwoordelik vir kommunikasie en inligting op alle terreine.

8.3.4.2.4**Eiendomme** : Die Sinodale Sentrum (slegs indien vir meer as R6,000,000 verkoop kan word), Kampterrein en twee pastorieë word verkoop en die rente-inkomste aangewend om kantoorruimtes te huur en ander uitgawes te betaal.

8.3.4.2.5**Argief**: Die Argief sluit en alle materiaal word oorgeplaas na 'n ander argief.

8.3.4.2.6**Fondse**: Alle fondse, behalwe trustfondse, word saamgevoeg. Rentes word aangewend vir kapitaalgroei om tred te hou met inflasie en om uitgawes te dek. Ondersoek word gedoen om ook trustfondse te sluit of oor te dra aan ander wat dit kan aanwend, soos bv studiefondse en ander bemakings.

8.3.4.2.7**Administrasie**: Slegs die volgende administrasie word in die Sinodale kantoor gedoen: Finansiële administrasie van die een kommissie, die sinodesitting, salarisse slegs van eie personeel, pensioenfonds, en Mediesefonds; normale administrasie van sinode en kommissie se werksaamhede soos

agendas, notules, korrespondensie en kommunikasie.

8.3.4.2.8 **Werksaamhede**: Geen sinodale werksaamhede word aangepak nie, behalwe die werksaamhede wat homself befonds, bv Predikantekursusse, ander konferensies, fasiliteringsdienste, ens. Alle werksaamhede word in die kerk word deur gemeentes en ringe gedoen.

8.3.4.3 Bedieningsprosesse

8.3.4.3.1 **Subsidies**: Alle sinodale subsidies verval en gemeentes word versoek om waar moontlik die subsidies oor te neem. Gemeentes kan dit dan bekostig omdat daar nie meer sinodale bydraes betaal word nie. Dit geld subsidies aan die VGKSA en RCA (tans R884,831), Kampterrein (tans R76,152), Skoolverlaterskampe (R41,910) en Mediese subsidies aan pensionarisse (R392,832).

8.3.4.3.2 **Maatskaplike Dienste**: Funksioneer as selfstandige organisasie met eie personeel wat uit staatsubsidies en ander fondse wat ingesamel word, befonds word. Dit beteken dat die Dir:MD asook Hoofmaatskaplike werkers nie uit sinodale fondse gesubsidieer word nie.

8.3.4.3.3 **Skoolverlaterskampe**: Die Skoolverlaterskampe kan as 'n Art 21 Maatskappy registreer en sy eie sake met sy eie personeel behartig. Kampgelde en donasies moet alle onkostes dek, ook administratiewe en personeelkostes. Personeeldienste word ingekoop, moontlik by 'n gemeente.

8.3.5 Kosteberekeninge

8.3.5.1 Geen kostes vir gemeentes nie. Die beraamde jaarlikse uitgawes van R620,000 per jaar kan uit rentes betaal word indien slegs rentes bo inflasiekoers (4%) gebruik word en die balans gebruik word vir kapitaalgroei. Hiervoor is 'n aanvangskapitaal van ten minste R16,000,000 nodig, wat tans beskikbaar is indien die eiendomme verkoop kan word.

8.3.6 Evaluering

8.3.6.1 'n Vaartbelynde struktuur wat sake vinnig kan afhandel.

8.3.6.2 Gemeentes doen al die werk. Die minimum word op sinodale vlak gedoen. Die Sinode word al minder as 'n liggaam gesien wat van bo af regeer.

8.3.6.3 Baie personeel word geraak en kan hulle werk verloor.

8.3.6.4 Gesubsidieerdes soos pensionarisse, leraars van die VGKSA en RCA en Maatskaplike Dienste kan in 'n krisis beland.

8.3.6.5 Waardevolle infrastruktuur gaan verlore vir die kerk.

8.3.6.6 Deelname van gemeentes aan sinodale werk is baie min, want daar is min sinodale werk. Elke ring is egter verteenwoordig op die Sinodale Kommissie, wat wel 'n mate van deelname verseker.

A33

8.3.6.7 Baie van die huidige werksaamhede en dienste verval, wat 'n nadeel vir die Koninkryk kan wees.

8.4 Moontlikheid 3

8.4.1 Missie

8.4.1.1 Die Missie van die Sinode van Natal is: Die Sinode van die NG Kerk van Natal bestaan ter wille van die gemeenskaplike werksaamheid van die gemeentes waaruit die Sinode saamgestel is, om in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die hoof van die kerk aan die uitbou van die Koninkryk van God mee te werk.

8.4.2 Beskrywing

8.4.2.1 Volgens hierdie moontlikheid is die Sinode nog redelik klein, maar moet gedeeltelik deur die gemeentes onderhou word.

8.4.2.2 Dienste wat die Sinode lewer word matig afgeskaal. Prioriteite word bepaal en slegs dienste wat werklik tot voordeel van gemeentes is, word gelewer.

8.4.3 Drywers

8.4.3.1 Missie; finansies; infrastruktuur; werksaamhede en gemeentediens.

8.4.4 Werksaamhede

8.4.4.1 **Besluitnemingsprosesse**

8.4.4.1.1'n Sinodesitting word elke twee jaar gehou. Die klem val op toekomsbeplanning en bedieningsplanne van die verskillende werksaamhede word veral hanteer. Tussen sinodesittings neem die Moderamen, wat bestaan uit die verkose moderatuur en een verteenwoordiger uit elke ring dringende besluite indien nodig. Die Moderamen het geen bestuurs of uitvoerende pligte nie.

8.4.4.2 Bestuursprosesse

8.4.4.2.1**Kommissies**: Slegs twee kommissies bestaan wat tussen Sinodes besluite neem en die werksaamhede bestuur, nl Die Sinodale Kommissie vir Opbou en Ondersteuning (SKOO) en die Sinodale Kommissie vir Uitbou (SKU). Elke kommissie word saamgestel uit die leiers van die betrokke bedieninge wat onder die betrokke kommissie resorteer.

8.4.4.2.2**Uitvoering**: Die uitvoering van besluite en bedieningsplanne word gedoen deur die betrokke Uitvoerende Amptenaar, sy personeel asook bedieninge wat bestaan uit vrywillige leraars en lidmate in die Sinode.

8.4.4.2.3**Werksaamhede**: Werksaamhede deur die Sinode word gereeld deur 'n visioneringsgroep in oënskou geneem en aangepas volgens die omstandighede en behoeftes van gemeentes. Geen werksaamheid word as permanent beskou nie.

8.4.4.2.4**Eiendomme**: Een pastorie word verkoop. Die Sinodale Sentrum word behou solank die inkomste uit die sentrum 4% van 'n moontlike verkoopprys oorskrei, anders word die Sentrum verkoop en die opbrengs belê.

8.4.4.2.5**Argief**: Die Argief bly voortbestaan.

8.4.4.2.6**Fondse**: Alle fondse word gekonsolideer en die rentes

aangewend tov die begroting nadat voorsiening gemaak is vir kapitaalgroei volgens die inflasiekoers.

8.4.4.2.7 **Personeel**: Twee uitvoerende amptenare (verkieslik predikante), twee sekretaresses, twee administratiewe beamptes vir ontvangs en eiendomme, een Argiefbeampte en twee algemene assistente

8.4.4.2.8 **Administrasie**: Administrasie van die sinodewerk en al die kommissies word in die Sinodale Kantoor gedoen. Dienste word aangebied aan ander instansies en gemeentes teen werklike koste plus 5%. Werklike kostes word jaarliks vooruit beraam en gekwoteer aan instansies wat in die diens belangstel. Die Sinode kan egter net so goed hiersonder gaan.

8.4.4.2.9 **Kampterrein**: Die Kampterrein word 'n Art 21 Maatskappy met sy eie personeel en administrasie en wat sy eie sake bestuur sonder enige befondsing van die Sinode. Die direksie word deur die Sinode aangestel en lewer verslag aan die Sinode.

8.4.4.3 Bedieningsprosesse

8.4.4.3.1 **Subsidies**: Huidige subsidies aan die VGKSA en RCA verminder met die helfte en bly daarna konstant. Die Interkerklike Kommissie vir Hulpverlening besluit oor die verdeling van die subsidies. Die Subsidies tov die mediesefonds premies vir pensionarisse word gekoppel aan die topskaal vir predikante en jaarliks met dieselfde persentasie aangepas.

8.4.4.3.2 **Maatskaplike Dienste**: Maatskaplike Dienste funksioneer selfstandig. Die Sinode befonds die vergoedingspakket van die Direkteur asook administratiewe beampte en voorsien die infrastruktuur.

8.4.4.3.3 **Skoolverlaterskampe**: Funksioneer as 'n bediening onder bestuur van SKOO. Geen subsidie vanaf die Sinode word betaal nie, maar die Sinode verskaf administratiewe dienste en kantoorinfrastruktuur.

8.4.5 Kosteberekeninge

8.4.5.1 Die Sinodale Bydraes wat gemeentes betaal, verminder beduidend. Die beraamde jaarlikse uitgawes is R2,500,000 en die sinodale bydraes wat gemeentes betaal 4-5%.

8.4.6 Evaluering

8.4.6.1 'n Meer vaartbelynde struktuur wat sake vinnig kan afhandel.

8.4.6.2 Waardevolle infrastruktuur word vir die kerk behou.

8.4.6.3 Sinodale werksaamhede word gedurig beoordeel en aangepas volgens behoeftes van gemeentes. Die Strukture daarvoor is buigsaam genoeg.

8.4.6.4 Sommige subsidies bly voortbestaan en ander afgeskaal.

8.4.6.5 Huidige personeel word geraak en kan hulle werk verloor.

A35

8.4.6.6 Gesubsidieerdes soos leraars van die VGKSA en RCA en Maatskaplike Dienste kan in 'n krisis beland.

8.4.6.7 Deelname van gemeentes aan sinodale werk is minder, want elke ring word nie verteenwoordig op die Sinodale Kommissie nie. Gemeenteleraars en lidmate word egter betrek by die bedieninge.

8.5 Moontlikheid 4

8.5.1 Missie

8.5.1.1 Die Missie van die Sinode van Natal is: Die Sinode van die NG Kerk van Natal bestaan ter wille van die gemeenskaplike werksaamheid van die gemeentes waaruit die die Sinode saamgestel is, om in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, die hoof van die kerk aan die uitbou van die Koninkryk van God mee te werk.

8.5.2 Beskrywing

8.5.2.1 Volgens hierdie moontlikheid is die Sinode van gemiddelde grootte en byna volledig afhanklik van gemeentes.

8.5.2.2 Alle huidige dienste en werksaamhede word behou met slegs kleiner aanpassings volgens die eis van die tye. Aanpassings word wel gemaak aan die bestuursprosesse, wat meer vaartbelyn gemaak word.

8.5.3 Drywers

8.5.3.1 Missie; finansies; infrastruktuur; werksaamhede en gemeentediens.

8.5.4 Werksaamhede

8.5.4.1 Besluitnemingsprosesse

8.5.4.1.1 **Besluitneming**: 'n Sinodesitting word jaarliks gehou met die oog op vinnige besluitneming en maksimum eienaarskap van gemeentes. Die klem val op die koinonia van gemeentes en toekomsbeplanning. Verslae word slegs skriftelik van kennis geneem, terwyl bedieningsplanne met die oog die toekoms hanteer word. Tussen sinodesittings neem die verkose moderatuur dringende besluite.

8.5.4.2 Bestuursprosesse

8.5.4.2.1 **Kommissies**: Kommissies het 'n bestuursfunksie wat tussen sinodesittings die uitvoering van besluite bestuur. Kommissies voer nie self die besluit uit nie. Die volgende Kommissies word gevorm:

8.5.4.2.1.1 **Bestuurgroep vir Getuienis** (BG): saamgestel uit 'n verteenwoordiger van elke ring (8), asook die leier van elke bediening wat hieronder resorteer, bv. sending, GEM Sending, barmhartigheid, maatskaplike dienste, interkerklike hulpverlening, ekumene,

8.5.4.2.1.2 **Bestuurgroep vir Onderlinge Sorg** (BOS): saamgestel uit 'n verteenwoordiger uit elke ring (8), asook die leier van elke bediening wat hieronder resorteer, bv jeug, skoolverlaterskampe, gemeente-bediening, predikantebediening, fasiliteringsdienste, leer en aktuele sake. Vrouediens, erediens en visionering.

8.5.4.2.1.3 **Bestuurgroep - Ondersteuningsdienste** (BOD):

saamgestel uit 'n verteenwoordiger van elke ring (8), asook die leier van elke bediening wat hieronder resorteer, bv regte, finansies, beleggings, eiendomme, argief, Kerklike Media en kommunikasie, en diensverhoudinge.

8.5.4.2.2**Uitvoering**: Die uitvoering van besluite en bedieningsplanne word gedoen deur die betrokke Uitvoerende Amptenaar, sy personeel asook bedieninge wat bestaan uit vrywillige leraars en lidmate in die Sinode.

8.5.4.2.3**Eiendomme**: Die Sinodale Sentrum word behou en bestuur in belang van die Sinode. Ander eiendomme word behou in die naam van die Sinode met gebruiksooreenkomste waarvolgens die gebruiker verantwoordelik is vir die instandhouding, verbetering, versekering en ander lopende uitgawes met verslag aan die Sinode.

8.5.4.2.4**Argief**: Die Argief bly funksioneer soos tans.

8.5.4.2.5**Fondse**: Alle bestaande fondse word uitgebou en bestuur in belang van die Sinode en gemeentes. Kapitaal word beskerm deur slegs rentes wat bokant die inflasiekoers verdien word, te gebruik.

8.5.4.2.6**Administrasie**: Alle administrasie word in die Sinodale Kantoor gedoen. Die Sinodale Kantoor lewer ook administratiewe dienste aan gemeentes en ander kerklike instansies.

8.5.4.2.7**Personeel**: Elke kommissie beskik oor die dienste van een uitvoerende amptenaar (3) en een administratiewe beampte (3). Verder word personeel benodig vir ontvangs (1 Admin Beampte), eiendomme (1 Admin Beampte) en finansies (2-4 persone, afhangende van die hoeveelheid dienste wat gelewer word), Argief (1 Argiefbeampte) asook twee algemene assistente. Die Kampterrein benodig een bestuurder, 'n faktotum en vier tot vyf algemene assistente.

8.5.4.2.8**Kampterrein**: Die Kampterrein word beskou as 'n diens aan die jeug asook aan volwasse groepe en daarom word die vergoedingspakket van die bestuurder deur die Sinode gedra en die administrasie in die Sinodale Kantoor gedoen.

8.5.4.3 Bedieningsprosesse

8.5.4.3.1**Subsidies**: Subsidies vanuit sinodale fondse word betaal vir Skoolverlaterskampe, Kampterrein, VGKSA en RCA gemeentes, Pensionarisse se mediesefonds premies en Hoofmaatskaplike Werkers. Hierdie subsidies word egter nie in die toekoms verhoog nie.

8.5.4.3.2**Maatskaplike Dienste**: Die vergoedingspakket van die Direkteur asook die Administratiewe Beampte word deur die Sinode gedra. Administratiewe dienste en infrastruktuur word ook deur die Sinode voorsien.

8.5.4.3.3 **Skoolverlaterskampe**: 'n Jaarlikse subsidie word deur die Sinode betaal. Administratiewe dienste en infrastruktuur word ook deur die Sinode voorsien.

8.5.4.3.4 **Werksaamhede**: Werksaamhede word volgens omstandighede aangepas en is altyd in belang van die bediening van gemeentes.

8.5.5 Kosteberekeninge

8.5.5.1 Die Sinodale Bydraes wat gemeentes betaal, bly op ongeveer 9%. Die beraamde jaarlikse uitgawes is R3,600,000 waarvan R1,300,000 uit rentes befonds word.

8.5.6 Evaluering

8.5.6.1 'n Meer vaartbelynde struktuur wat sake vinnig kan afhandel. Hierdie struktuur behoort binne die huidige begroting aangebring te kan word.

8.5.6.2 Sinodale werksaamhede word gedurig beoordeel en aangepas volgens behoeftes van gemeentes. Die strukture daarvoor is buigsaam genoeg.

8.5.6.3 Huidige subsidies bly voortbestaan alhoewel daar geen verdere verhogings sal wees nie.

8.5.6.4 Huidige personeel word meestal nie geraak nie, behalwe dat posbeskrywings kan verander.

8.5.6.5 Waardevolle infrastruktuur bly behoue vir die kerk.

8.5.6.6 Deelname van gemeentes aan sinodale werk is goed, want elke ring word in elke kommissie verteenwoordig. Verder word gemeenteleraars en lidmate ook betrek by die bedieninge. Die jaarlikse sinodesitting verseker ook maksimum deelname en eienaarskap.

8.5.6.7 Hierdie moontlikheid pas steeds goed aan by die missie van die Sinode.

8.5.6.8 Gesubsidieerdes soos leraars van die VGKSA en RCA asook Maatskaplike Dienste kan later in 'n krisis beland.

9. TOEKOMSTIGE GESPREKS- EN BESLUITNEMINGSPROSESSE

9.1 Algemene uitgangspunte

9.1.1 Die styl van besluitneming van die vergadering moet eksplisiet die Woord van God en die leiding van die Heilige Gees verantwoord.

9.1.2 Die Sinodevergadering moet in sy besluitneming die visie van die Sinode verantwoord en in berekening bring.

9.1.3 Die besluitnemingsproses moet uitdrukking gee aan die gemeenskap van gelowiges. Die onderlinge verhoudinge van die afgevaardigdes, gebou op ons broeder-/susterskap in Christus, moet in die proses van vergadering verantwoord word.

9.1.4 Die benutting van alle insigte en gawes.

9.2 Integrasie: verskillende vergaderstyle

9.2.1 Daar word uitgegaan van die standpunt dat debatvoering steeds

A38

'n belangrike deel van die besluitnemingsproses van die sinodale vergadering moet wees. In debatvoering word gedagtes gegenereer wat nie op enige ander manier reggekry kan word nie. Debatvoering slaag egter nie daarin om al bostaande uitgangspunte te verantwoord nie. Dit is dus nodig om die styl van besluitneming aan te vul en te wysig. Die beginsels wat gebruik word in kleingroepsbespreking kan die nodige aanvulling bied. In die onderstaande aanbeveling word 'n poging aangewend om die verskillende vergaderingstyle te integreer om op dié manier beter uitdrukking aan bostaande uitgangspunte te gee:

9.2.1.1 Formele vergaderingsprosedure geïntegreer met tegnieke vir kleingroepbespreking.

9.2.1.2 Die vergadering open en konstitueer volgens dieselfde voorskrifte as in die verlede (Bepaling 37.1 en 37.2).

9.2.1.3 Die Moderatuur word op dieselfde manier verkies as in die verlede (Bepaling 37.3).

9.2.1.4 Die verkose Moderator lei die vergadering.

9.2.1.5 Die afvaardiging deur gemeentes bly dieselfde (Bepaling 33.1).

9.2.1.6 Die vergadering word in 'n lokaal gehou waar die afgevaardigdes in groepe van agt om tafels sit. Die indeling geskied alfabeties. Twee lyste word opgestel: een vir predikante en een vir ouderlinge. Indeling gebeur deur die een lys van A af in te deel en een van Z af. 'n Gelyke aantal ouderlinge en diakens sit by elke tafel. Daar sal ± 23 groepe wees

9.2.1.7 Verslae word steeds gehanteer volgens die verskillende kommissies.

9.2.1.7.1 Kommissies rig hulle verslae so in dat die eerste deel dié dele vir kennisname is. Tydens hierdie deel kan meer inligting oor die kommissie se werksaamhede en waarvoor dit staan, deurgegee word.

9.2.1.7.2 Die tweede deel van die verslag behels dié sake waaroor aanbevelings gegee word en wat wel deur die vergadering gedebatteer moet word. Die inhoud en omvang van hierdie sake is egter van so 'n aard dat dit meer voor die handliggend is. Besluitneming hieroor het nie verreikende gevolge nie. Hierdie sake word "oor die vloer" gedebatteer. Besluitneming vind dadelik plaas.

9.2.1.7.3 Die derde deel van die verslag het die meer ingrypende voorstelle. Die reikwydte van die besluite is meer. Hierdie besluite is beginselbesluite en algemeen rigtinggewind. Hierdie besluite raak die visie van die Sinode meer direk.

9.2.1.7.4 Die kommissie berei hierdie derde groep voorstelle voor op so 'n wyse dat die vrae wat ter sprake was/is om by die voorstel uit te kom, daargestel word as

besprekingsvrae in kleingroepe. Belangrik is om in hierdie vrae ook te vra na die Woord van God, die kerklike tradisie en die visie van die Sinode in dié verband.

9.2.1.7.5 Voor die bespreking in die groepe gee 'n inleier al die tersaaklike agtergrond en skets die huidige kerklike praktyk.

9.2.1.7.6 Hierdie vrae, sowel as die aanbevelings, word dan deur die groepe bespreek.

9.2.1.7.7 Terugvoer, olv die voorsitter, word deur 'n sekere getal (± 7) groepe gegee. Groepe (of dan sekeres in 'n groep) kan amendemente voorstel. Groepe wat nie amptelik terugvoering gegee het nie, maar wat wel ander insigte op die tafel wil plaas óf amendemente wil voorstel, kry ook kans. Indekskaarte word vir die doel gebruik.

9.2.1.7.8 Sodra al die amendemente op die tafel is (aangebring op 'n oorhoofse skerm), kry die groepe weer kans om dit te bespreek. Die saak word daarna oop gedebatteer volgens gewone vergaderingsprosedures. Die voorsitter lei die vergadering tot stemming - tensy hy oordeel, óf die vergadering 'n aanduiding gee, dat die saak na 'n tydelike kommissie verwys word.

9.2.1.7.9 Nadat 'n verslag hanteer is, kan daar geleentheid vir gebed wees. Toepaslike voorbidding word gedoen, nie net vir die kommissie en sy werksaamhede nie, maar ook vir bepaalde besluite wat geneem is se uitvoering. 'n Bepaalde lied sou nie onvanpas wees nie.

9.2.1.7.10 Opmerking: Op hierdie manier word die leiding van die Woord en Gees, sowel as die gawes en insigte van die afgevaardigdes net baie beter verantwoord. Gebedsgeleenthede aan tafels tydens die hantering van die sake kan ook 'n rol speel. Die gedagte is om die besluitneming baie meer liturgies te hanteer.

9.2.1.7.11 Onderlinge verhoudinge, geskoei op die gemeenskap van gelowiges, word op dié manier versterk.

9.2.1.8 Stemprosedures:

9.2.1.8.1 'n Andersoortige, en meer doeltreffende, stemprosedure moet gevolg word. Die hand-opsteek-metode het tekortkominge. Daar vind veral beïnvloeding plaas deur die opeenvolgende handopsteek.

9.2.1.8.2 Daar word voorgestel dat met kleurkaarte gestem word.

9.2.1.8.2.1 Groen = JA

9.2.1.8.2.2 Rooi = Nee

9.2.1.8.2.3 Geel = Ek/vergadering is nog nie gereed om 'n besluit te neem nie.

9.2.1.8.3 Wanneer stemming plaasvind, steek al die sinodegangers gelyktydig hulle kaarte op. Op dié manier is dit vir die voorsitter baie makliker om die meerderheid in die vergadering (kleur) te bepaal.

9.2.1.8.4 Diegene wat teen ‘n voorstel stem, en ernstig daaroor voel dat sy/haar saak nie mooi gehoor is nie, kan op indekskaarte sy/haar beswaar inhandig. Dié word aan die bepaalde kommissie oorhandig vir verdere oorweging in die implementering van die besluit.

9.2.1.9 Verdere liturgiese inkleding van die vergadering:

9.2.1.9.1 Die hele inkleding van die vergadering moet die karakter van toewyding aan die Here en die afhanklikheid van Hom weerspieël. In die paragraaf (2.1.6) is reeds gepoog om ‘n liturgiese karakter te gee aan die besluitnemingsproses. Verdere toewydings- en luister-na-die-Woordgeleenthede is ook krities.

9.2.1.9.2 Die volgende word aanbeveel as werkswyse:

9.2.1.9.2.1 Elke sitting (oggend, middag, aand) word begin met ‘n uitgewerkte toewyding. Dit sluit, behalwe sekere ander liturgiese momente (sang, gebed, “beurtspraak”), ‘n kort Bybelstudie (Skrifgedeelte, met meegaande afgerolde aantekeninge daaroor) met ‘n enkele gespreksvraag vir die groepe, in. Hierdie gebeure, en die inhoud daarvan, hang saam met die bepaalde verslag wat tydens daardie sitting hanteer word.

9.2.1.9.2.2 Hierdie gebeure kan saamgevat word in ‘n aparte uitdeelstuk/bundeltjie aan die vergadering.

9.2.1.9.2.3 Opmerking: Goeie beplanning van die vergadering, goeie tydsbenutting en vergaderingleiding sal kardinaal wees.

9.3 Logistiek

9.3.1 Om die sinodevergadering op hierdie manier te hou, sal van sekere hulpmiddels en van sekere ondersteuningspanne gebruik gemaak moet word.

9.3.2 Die volgende hulpmiddels is nodig:

9.3.2.1 Gebruik ’n lokaal met tafels wat voorsiening maak vir agt persone per tafel.

9.3.2.2 Elke tafel het:

9.3.2.2.1 ‘n Mandjie vir die uitdeel en opneem van dokumentasie.

9.3.2.2.2 Indekskaarte (8x12) vir persoonlike opmerkings.

9.3.2.2.3 Tafeltente vir die besprekingsvrae en vir tekste.

9.3.2.2.4 ‘n Mikrofoonkaart en ‘n helpkaart om die ondersteuningspan se aandag te kry.

9.3.2.2.5 Stemkaarte (groen/geel/rooi) vir elke afgevaardigde.

9.3.2.3 Multi-mediaprojektor.

9.3.2.4 Voldoende koordlose mikrofone.

9.3.3 ‘n Aantal ondersteuningspanne sal nodig wees vir die vergadering:

9.3.3.1 Die ondersteuningspan wat sorg vir die dokumentasie op die tafels, die dra van die mikofone na die betrokke tafels en persoonlike bystand in die geval van spesifieke behoeftes.

A41

9.3.3.2 Die tegniese ondersteuningspan wat sorg vir klank en beeld en gerekenariseerde dokumentasie.

9.3.3.3 ‘n Fasiliteringspan wat die voorsitter kan help in die vloei van die vergadering (Hierdie is ‘n opsionele ondersteuningspan).

9.3.4 Aanbeveling: Die Sinode keur goed dat die inrigting van die sinodale vergadering:
9.3.4.1 ‘n geïntegreerde styl van kleingroepbesprekingstegnieke en debatvoering kan wees;
9.3.4.2 liturgies ingerig sal word;
9.3.4.3 stemming deur middel van kleurkaarte kan plaasvind; en
9.3.4.4 in die mees geskikte lokaal gehou word.

9.4 Kerkordelike implikasies

9.4.1 Hierdie voorstel het weinig implikasies op die kerkorde. Die Reglement van Orde sal hoogstens op enkele punte aangevul moet word.

9.4.2 Aangesien hierdie voorstel deel is van ‘n groter “pakket” van voorstelle, sal die kerkorde hersien word nadat die Sinode hom uitgespreek het oor die toekoms en inrigting van die Sinode.

9.4.3 Aanbeveling: Die Sinode gee opdrag aan die Sinodale Regskommissie om al die nodige wysiginge aan die Kerkorde aan te bring om voorsiening te maak vir die goedgekeurde inrigting van die sinodale vergadering en die besluitnemingsproses.

10. TEN SLOTTE

10.1 Die Ontwerpspan vertrou dat hulle voorbereidings sal dien tot ’n sinvolle sinodesitting.

A42

A43

BYLAE BY PUNT 7.2.1: ORGANOGRAM

Datum van uitdruk: 4/9/2001